

# Die toekoms van Taiwan: strategiese realiteite en die kernwapenopsie

Eben Coetzee

---

Eben Coetzee, Departement Politieke Studie en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

---

## *Opsomming*

Daar word vandag wyd gevrees dat 'n Chinese inval in Taiwan op hande is. Sodanige vrese is allermens nuut, maar teen die agtergrond van toenemende Chinese aggressie in die Asies-Pasifiese en Indo-Pasifiese streke gedurende die afgelope dekade of wat het dié vrese al hoe meer uitgekring. Dié vrese is nie ongegrond nie. Vir etlike jare kon Taiwan egter troos vind in die feit dat die VSA – die onbetwisbare hegemoon in die post-Tweede Wêreldoorlog-era – Taiwan teen 'n Chinese inval kon beskerm (maar nie noodwendig sou nie). China was 'n swak en ontwikkelende land, terwyl die VSA (as die oënskynlike beskermheer van Taiwanees se belange) 'n ekonomiese en militêre reus is. Dié wêreld bestaan nie meer nie. Vandag – en dit sal selfs des te meer in die toekoms die geval wees – beskik China oor die militêre slaankrag om Taiwan in te val (hoewel steeds teen 'n uiters hoë prys). Vir China is die kwessie van Taiwanees se hereniging met die vasteland ononderhandelbaar. 'n Ekonomiese en militêre sterker China enersyds, en 'n kwynende VSA andersyds, hou derhalwe bepaalde gevolge in vir die oorlewing en veiligheid van Taiwan. Die doel van hierdie artikel is om te wys op die uiters benarde buitelandse omgewing wat Taiwan in die gesig staar (vandag, maar selfs meer in die toekoms) en om oorweging te skenk aan die kernwapenopsie om Taiwanees se oorlewing te verseker. Die primêre navorsingsvraag van die ondersoek is die volgende: Gegewe die uiters benarde buitelandse omgewing wat Taiwan in die gesig staar, watter strategiese roete sal beide doenlik én doeltreffend wees om dié land teen 'n Chinese aanval te beskerm? Dié vraag word deur twee bykomende vrae gerugsteun: Een, in welke mate sal konvensionele afskrikking doenlik en doeltreffend wees om Taiwanees se veiligheid te verseker? En twee: Kan kernwapens Taiwanees se veiligheid verseker én sal sodanige strategiese roete doenlik en doeltreffend wees? Die ondersoek word deur 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma gerugsteun en maak van 'n geïntegreerde literatuurstudie gebruik. Aan die hand van 'n literatuurstudie van, enersyds, die strategiese magsbalans tussen China, die VSA en Taiwan en die stabiliserende uitwerking van kernwapens andersyds sal hierdie studie wys dat die kernwapenpad waarskynlik die enigste weg na Taiwanees se oorlewing en veiligheid is.

**Trefwoorde:** afskrikking; China; kernafskrikking; kernoorlog; kernwapens; konvensionele mag; realisme; Straat van Taiwan; Taiwan; VSA

### *Abstract*

#### **The future of Taiwan: strategic realities and the nuclear option**

Fears about an impending Chinese invasion of Taiwan are mounting. On more than one occasion current and former USA officials have lamented the untenable strategic situation confronting Taiwan in the light of an increasingly assertive and powerful China, stressing the need for more concerted American action to deter any Chinese move to grab Taiwan. Some American officials, with the former US Secretary of State Mike Pompeo as the pre-eminent example, have forthrightly declared that the US should formally recognise Taiwan as a country, a move that would surely irk China or, worse still, provide the spark for World War III. Fears about an impending Chinese invasion of Taiwan are not groundless. China possesses the military capabilities to launch a full-scale invasion of Taiwan, albeit at an exceptionally high cost to China's interests and position in the international system, and these capabilities will only increase in the future. For China the issue of Taiwan's unification with the mainland is non-negotiable. The strategic realities of an economically and militarily more powerful China and, conversely, a declining US, are likely to pose severe – possibly existential – challenges to Taiwan.

The objective of this article is to highlight the increasingly grim external situation confronting Taiwan (today but even more so in the future) and to consider the nuclear option as the best safeguard against a Chinese invasion and, concomitantly, the surest way to guarantee Taiwanese survival in a hostile world. The primary research question of this study is: Given the increasingly desperate and hostile external situation confronting Taiwan, which strategic route is likely to be feasible and effective in protecting Taiwan from a Chinese invasion and, concomitantly, guaranteeing Taiwan's survival? In short, in the light of China's unwavering commitment to uniting Taiwan with the mainland and growing Chinese military capabilities to act on its desires, what strategic action should the government in Taipei be taking? The primary research question is supported by two subsidiary research questions: Is conventional deterrence likely to be feasible and effective in guaranteeing Taiwan's security and survival? And can nuclear weapons guarantee Taiwan's security and survival and is such a path likely to be feasible and effective in the Taiwanese context? The study is located within a qualitative research paradigm and employs an integrative literature review. Accordingly, the study is based on a literature study of the strategic position of China vis-à-vis the USA on the one hand (today *and* in the future) and the stabilising and peace-inducing effects of nuclear weapons (as espoused by two leading scholars of nuclear weapons: Kenneth Waltz and Bernard Brodie) on the other. The conclusion reached from this analysis is that Taiwan's desire to do whatever it takes to provide for its security and survival may very well constrain Taipei to tread the necessary, albeit undesirable, path towards nuclear weapons, a path that provides the best guarantee for ensuring Taiwanese survival and security.

Four key findings buttress this conclusion.

Firstly, there can be very little doubt about the centrality of Taiwan for Beijing or about Chinese resolve to reunify Taiwan with the mainland. Although China stresses the desirability of peaceful reunification with Taiwan, Chinese President Xi Jinping has made it abundantly clear that the “historical task of the complete reunification of the motherland must be fulfilled, and will definitely be fulfilled”, an endeavour that does not rule out the use of military force. For Beijing, Taiwan undoubtedly forms part of its broader revisionist and expansionist agenda in East Asia, but there is more to this than brute strategic considerations. Taiwan constitutes “sacred territory” for Beijing, which ultimately means that the question of reunification is wedded to Chinese nationalism, a potent driver of war in international politics. Today, China’s rhetoric on the necessity and inevitability of reunifying with Taiwan is becoming increasingly frequent and boisterous. While the question of reunification has always been central to Beijing’s future ambitions, they have for decades lacked the military and economic power – and the attendant political will – to act on it, a predicament that is becoming something of the past. The increasingly aggressive posture of China – in Southeast Asia generally and towards Taiwan particularly – plays itself out against the backdrop of its rapid increase in military and economic might, which has caused China to see itself and the world in starkly different terms. As with other great powers in centuries past, China increasingly sees itself as the pick and flower among nations, destined to become the natural leader of the world. While seeing the US as a declining power, China sees itself as destined to lead and as it continues to rise, to fashion the international system according to its liking. Armed with an increasingly lofty vision of itself and backed by its increasing economic and military might, China’s reunification with Taiwan appears to be less a matter of “if” and more a matter of “when”.

Secondly, fears abound and uncertainties multiply when the military dimension of any Chinese invasion of Taiwan is considered. Does China have the military capability – and if not today, then will it have it tomorrow – to take Taiwan? Will the US come to Taiwan’s aid in the event of a Chinese invasion? What about Taiwan’s resolve and capability in defending itself against such an invasion? What if China were to pursue unification with Taiwan by employing methods just short of full-scale conventional war, e.g. a military blockade? In considering these questions, and in finding answers to them, the study concludes that a Chinese invasion of Taiwan is feasible today, albeit at an inordinately high cost to China’s strategic interests and position in the international system. When looking at the future, however, things look particularly gloomy for Taiwan. In the light of America’s declining strategic position on the one hand, and the growing Chinese military and economic might on the other hand (coupled with the reality that China’s military is training with an eye towards launching a successful amphibious operation), Taiwan’s future looks particularly grim.

Thirdly, and reinforcing the desperate external situation confronting Taiwan, there is no guarantee that the US can and, more importantly, will successfully defend Taiwan against a Chinese invasion. China’s military and economic might dwarfs that of Taiwan. This is one side of the coin that both China and Taiwan surely understand. For years, however, Taipei could draw comfort from the fact that the US – the indisputable hegemon in the post-World War II era – could (but not necessarily would) rush to Taiwan’s defence against a Chinese invasion. Although the official US policy remains one of “strategic ambiguity”, and one often hears US officials declaring (but then quickly retracting) their willingness to aid Taiwan in repelling a Chinese invasion, the harsh reality is that the US has never been all that serious about prioritising Taiwan’s interests. With this in mind we would do well to consider US behaviour and not rhetoric. Successive US administrations have variously signalled to Beijing their

willingness to make concessions over Taiwan. For Beijing, as against this as against this reunification with Taiwan has always been non-negotiable.

Finally, the nature of international politics constrains states to take care of themselves as best they can, a reality that often means treading paths that might not be all that desirable. Each state must take care of itself as best it can, there scarcely being anyone else to rely on. While the US could (but not necessarily would) come to Taiwan's defence, Taiwanese officials and defence experts appreciate that Taipei needs to prepare for a future without the US. Although Taiwan is pursuing various strategies to bolster its defences, and even if the Americans were to voice their willingness to come to Taiwan's rescue in the event of a Chinese invasion, the history of international politics shows that conventional deterrent strategies are hardly sufficient to dissuade a state from launching a campaign of aggression. For various reasons, conventional deterrence will not suffice for a Chinese invasion. What remains is the nuclear option. While various other options might indeed be preferable, the harsh reality is that nuclear weapons provide the best guarantee to deter large-scale war – i.e., two or more nuclear-armed states will steer clear of a full-scale conventional or nuclear war with each other. While not without risks, nuclear weapons and nuclear deterrence provide the most prudent course of action for Taiwan – not a solution, I should add, but a trade-off.

Obviously, questions may arise about the requirements of deterrence, the difficulty of creating credible nuclear forces and the reality that any Taiwanese nuclear force will be outmatched (qualitatively and quantitatively) by China's strategic forces. The study indicates, however, that concerns over the credibility of small nuclear forces (as Taiwan's nuclear force is likely to be) are misplaced – creating invulnerable second-strike forces is not overly difficult. Likewise, in a nuclear world, with both parties possessing second-strike forces, comparisons become pointless. The possible retaliatory use of nuclear force by Taiwan, not the strategic balance of force, is what ultimately counts. Chinese calculations of danger, and the question of whose will is likely to predominate, are unaffected by the balance or imbalance of strategic forces.

In charting a future for their country, Taiwan's leaders might very well prefer not to go nuclear. In fact, a recent referendum championed by Taiwan's main opposition party, the Kuomintang (KMT), in which voters were asked to consider restarting a mothballed nuclear plant, suffered a serious defeat. It appears that the current Taiwanese government has little appetite for nuclear power, let alone nuclear weapons. This notwithstanding, the harshness of international political life suggests that states' leaders are often constrained to think less in terms of wants and more in terms of needs. Ultimately, as Taiwanese President Tsai Ing-Wen has conceded, Taiwan will do whatever it takes to ensure its survival. While the government in Taipei might prefer various paths, including dialogue and negotiation, to the nuclear one, the external environment hardly lends itself to such avenues today. In the future, with China sure to grow more powerful economically and militarily, such paths might be well near impossible to tread. Again, while dialogue and negotiation are indeed important and undoubtedly preferable, I would not bet on them as the best means to guarantee Taiwan's survival. A friendlier China tomorrow (admittedly, an unlikely possibility) might become more belligerent sometime later. A prudent Taiwan, wishing to survive, would do well to consider the nuclear option. For the foreseeable future, nuclear weapons remain the best bet for weak states – including Taiwan – to ensure their survival.

**Keywords:** China; conventional power; deterrence; nuclear deterrence; nuclear war; nuclear weapons; realism; Taiwan; Taiwan Strait; USA

## 1. Inleidende gedagtes

Gedurende Maart 2022, tydens 'n bespreking wat deur 'n Taiwan-gesinde dinksentrum in die VSA georganiseer is, merk die voormalige Amerikaanse minister van buitelandse sake, Mike Pompeo, op dat die VSA Taiwan onverwyld as 'n soewereine staat moet erken (Blanchard 2022). Dié uitlating vorm deel van 'n groeiende koor van stemme wat meer doelgerigte Amerikaanse optrede eis om Taiwan se toenemend benarde buitelandse omgewing aan te spreek, veral gegewe toenemende Chinese aggressie in die Asies-Pasifiese en Indo-Pasifiese streke en, meer spesifiek, jeens Taiwan. Mike Gallagher, 'n republikeinse verteenwoordiger in die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers en lid van dié huis se verdedigingskomitee, waarsku onlangs in die vaktydskrif *Foreign Affairs* dat 'n volskaalse Chinese inval van Taiwan reeds teen 2025 verwesenlik kan word (Gallagher 2022). Op sy beurt waarsku die voormalige bevelvoerder van die VSA se Indo-Pasifiese Bevelsgebied, admiraal Philip Davidson, tydens getuienis voor die verdedigingskomitee van die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers gedurende 2021 dat 'n Chinese poging om Taiwan te gryp straks binne die volgende ses jaar kan plaasvind (Nathan 2022). Sowat 'n maand ná die voormalige minister van buitelandse sake se uitlating skryf Oriana Skylar Mastro, 'n kenner op die gebied van die Chinese weermag, dat Chinese oorwegings rakende gewapende hereniging met Taiwan ernstiger as ooit vantevore gedurende die afgelope 50 jaar is en voorspel dat 'n Chinese inval teen niks later nie as 2032, dit is, voor die einde van die Chinese president Xi Jinping se waarskynlike vierde termyn as sekretaris-generaal van die Kommunistiese Party, verwesenlik sal word (Mastro 2022; Nathan 2022). Vrese oor 'n dreigende Chinese inval van Taiwan is natuurlik nie nuut nie. Trouens, reeds gedurende 2014 waarsku die Amerikaanse neorealis John Mearsheimer dat die toename in Chinese ekonomiese en militêre mag oor die volgende dekade dié land se weermag sal bemagtig om “Taiwan te verower, selfs indien die Amerikaanse weermag sou help om die eiland te verdedig” (Mearsheimer 2014; my vertaling hier en elders). Namate China gedurende die laaste dekade toenemend sy militêre en ekonomiese spiere gebult het, het vrese oor 'n Chinese inval van Taiwan al hoe meer uitgekring.

Trouens, daar word gevrees dat Beijing besieling uit die Russiese inval van Oekraïne gedurende Februarie 2022 sal put, veral gegewe die onwilligheid van Westerse moondhede om soldate op Oekraïense grondgebied te ontplooi (Nathan 2022). Benewens dié vrese word die skrikbeeld van 'n Chinese inval van Taiwan aangewakker deur die toenemend algemene waarneming onder beide vyande en bondgenote van die VSA – dat laasgenoemde nóg die militêre slaankrag nóg die bereidwilligheid het om Taiwan te verdedig (Eaglen en Ferrari 2022; Osborn 2022a; Denmark en Talmadge 2021). Die beslissende faktor wat 'n Chinese inval gedurende die laaste paar dekades gerem het, wys Osborn (2022b) tereg uit, was die werklikheid van 'n “sterk Amerikaanse magsposisie wat die verdediging van die eiland [d.i. Taiwan] moontlik gemaak het”. Dié werklikheid, veral met 'n blik op die toekoms, word toenemend uitgedaag deur die diepgaande aard van Chinese militêre vernuwing én waarnemings oor kwynende Amerikaanse militêre mag. Trouens, daar heers reeds, soos Episkopos (2022a) uitwys, onder sommige voormalige Taiwaneesregeringsamptenare – met die voormalige hoof van die generale staf van die Taiwaneesreweermag, admiraal Lee His-ming, as 'n sprekende voorbeeld – die besef dat die Taiwaneesreweermag “nie kan aanneem dat die VSA bereid sal wees om Amerikaanse lewens op te offer ter verdediging van die eiland nie”. Gegewe dié en ander werklikhede wat in die artikel blootgelê sal word, blyk dit dat Beijing êrens in die afsienbare toekoms Taiwan met China sal verenig, tensy die Taiwaneesregering spoedig koers verander.

Die doel van hierdie artikel is om te wys op die uiters benarde buitelandse omgewing wat Taiwan in die gesig staar (vandag, maar selfs meer in die toekoms). Wat staan die regering in Taipei te doen in die lig van 'n onversetlike Chinese uitgangspunt oor die noodsaaklikheid van Taiwanees hereniging met die vasteland en toenemende Chinese militêre slaankrag om dié begeerte te verweselik? Die primêre navorsingsvraag, soos hier bo vervat, word deur twee bykomende vrae gerugsteun: Eerstens, in welke mate sal konvensionele afskrikking (“conventional deterrence”) doenlik en doeltreffend wees om Taiwanees veiligheid te verseker? En tweedens, kan kernwapens Taiwanees veiligheid verseker én sal sodanige strategiese roete doenlik en doeltreffend wees?

'n Omsigtige Taiwanees regering moet, soos ek aanstons in dié artikel sal aanvoer, in alle waarskynlikheid 'n toekoms in die vooruitsig stel, en daarvoor beplan, sonder die waarborg van Amerikaanse militêre oppermag (vis-à-vis China) en steun. Trouens, soos die Taiwanees president, Tsai Ing-Wen, onlangs aangevoer het, “Taiwan sal wat ook al nodig geag word doen ter verdediging van die eiland” (2021). Die ondersoek word deur 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma gerugsteun en maak o.a. gebruik van 'n geïntegreerde literatuurstudie. 'n Geïntegreerde literatuurstudie het ten doel om die “literatuur oor 'n navorsingstema sodanig te evalueer, kritiseer en sintetiseer dat nuwe teoretiese raamwerke of perspektiewe na vore tree” (Snyder 2019:335). In hierdie tipe literatuurstudie fokus dataversameling hoofsaaklik daarop om verskillende perspektiewe en insigte uit verskillende navorsingsvelde of navorsings-tradisies te kombineer, onderwyl die algemene doel van data-ontleding is om op 'n kritiese wyse die bestaande literatuur en die kernidees en -verhoudinge rakende 'n kwessie te ontleed en te ondersoek (Snyder 2019:336). Derhalwe sal hierdie ondersoek aan die hand van 'n literatuurstudie van, enersyds, die strategiese magsbalans tussen China, die VSA en Taiwan en, andersyds, die stabiliserende uitwerking van kernwapens (soos uiteengesit deur twee vername denkers oor kernwapens, Kenneth Waltz en Bernard Brodie), wys dat “wat ook al nodig geag word” om Taiwan se veiligheid te verseker, dit Taipei op 'n noodsaaklike, dog ongewenste, weg na kernwapens kan plaas.

Die struktuur van die artikel is soos volg. Daar word eers aandag aan die normatiewe en strategiese oorwegings onderliggend aan China se toekomsvisie geskenk. Tweedens word die vraag na die moontlikheid van 'n Chinese inval van Taiwan onder die vergrootglas geplaas. Derdens word daar ondersoek ingestel na die kwynende strategiese magsposisie van die VSA vis-à-vis China en die strategiese implikasies daarvan vir die verdediging van Taiwan. Vierdens word daar besin oor die doenlikheid en doeltreffendheid van 'n Taiwanees kernwapenprogram, waarna daar ondersoek ingestel sal word na die vraag of daar steeds tyd beskikbaar is vir Taiwan om die kernwapenpad te stap. Die artikel sluit af met 'n opsomming van die vernaamste bevindinge en skenk kortliks oorweging aan die moontlikheid van kernwapenverspreiding in die Asië-Stille Oseaan-gebied in die lig van toenemende Chinese aggressie in die streek.

## 2. China se hoë aspirasies: normatiewe en strategiese boustene

Daar behoort géén twyfel te bestaan oor die belangrikheid van Taiwan vir Beijing nie, óók nie oor Chinese vasberadenheid om Taiwan met die vasteland te herenig nie. Hoewel China die wenslikheid van vreedsame hereniging met Taiwan beklemtoon, het die Chinese president, Xi Jinping, onomwonde aangedui dat “die historiese taak van die hereniging van Taiwan met

die vasteland verweselik moet word, en beslis verweselik sal word”, ’n onderneming wat hoegenaamd nie die gebruik van militêre mag uitsluit nie (Economy 2022). Trouens, soos Carpenter (2022) tereg uitwys, hoewel groot moondhede verkies om strategies belangrike kwelpunte vreedzaam op te los, word die gebruik van militêre mag altoos moontlik indien dié belange bedreig word. Dat Taiwan deel uitmaak van China se oorkoepelende revisionistiese en ekspansionistiese agenda in Oos-Asië met China self (in plaas van die VSA) as die streekshegemon (“regional hegemon”), is ongetwyfeld waar. Beijing het dit ten sterkste ten doel om ander moondhede, spesifiek die VSA, te verhoed om Taiwan as ’n militêre basis te gebruik waarlangs politieke of militêre druk op China uitgeoefen kan word (Nathan 2022). Trouens, in die pas verskene witskrif getiteld “The Taiwan question and China’s reunification in the New Era” vermeld die Chinese regering prontuit dat “nasionale hereniging die enigste manier is om die risiko te vermy dat Taiwan ingeval en weer deur ander lande beset word, om pogings deur buitelandse magte om China in te perk te kortwiek, en om die soewereiniteit, veiligheid en ontwikkelingsbelange van ons land te beskerm” (The Taiwan Affairs Office of the State Council and The State Council Information Office 2022). Daar is egter veel meer aan hierdie verhaal as brute strategiese oorwegings. Vanuit die Chinese perspektief beskou, verteenwoordig Taiwan “heilige grondgebied”, wat meebring dat die vraag na hereniging nou verweef is met (Chinese) nasionalisme, ’n uiters gevaarlike aandrywer van oorlog in die internasionale politiek (Mearsheimer 2021). Hereniging is die droom, soos vervat in bovermelde witskrif, wat elke Chinese burger verenig, waarsonder alle Chinese ’n droewige toekomsbestaan sal voer (The Taiwan Affairs Office of the State Council and The State Council Information Office 2022). In sy verslag aan die 20ste Nasionale Kongres van die Kommunistiese Party van China gedurende Oktober 2022 (waartydens president Xi tot ’n ongekende derde termyn herkies is) roer Xi wêér hierdie kwessie aan: “Die oplos van die Taiwan-vraagstuk en die verweseliking van China se volledige hereniging is vir die party ’n historiese missie en ’n onwrikbare verpligting. Dit is ook die gedeelde begeerte van al die seuns en dogters van die Chinese nasie en ’n natuurlike vereiste vir die verweseliking van die herlewing van die Chinese nasie” (Jinping 2022:51). Naas die Taiwanees president se heftige aanmaning dat haar land alles in die stryd sal werp om Taiwanees veiligheid te verseker, eggo die Chinese minister van verdediging, generaal Wei Fenghe, onlangs dat China “tot die bitter einde én tot elke prys sal veg” om Taiwanees onafhanklikheidspogings te kelder (Clark 2022). Uiteraard, soos president Xi tydens bovermelde kongres beklemtoon het: “Taiwan is China se Taiwan [...] en die verloop van die geskiedenis dui onomwonde op Taiwan se hereniging met China en die herlewing van die Chinese nasie” (Jinping 2022:52).

Chinese retoriek oor die noodsaaklikheid én onvermydelikheid van hereniging met Taiwan word vandag toenemend algemeen en onstuimig. Ofskoon die herenigingsvraagstuk reeds etlike dekades deel uitmaak van Beijing se strewes, het dié land vir dekades die militêre en ekonomiese mag – en die gepaardgaande politieke wil – ontbreek om hierop te reageer. Dié verknorsing is grotendeels iets van die verlede. Die toenemend aggressiewe postuur van China – in Suidoos-Asië in die algemeen (o.a. in die Suid-Chinese See) en jeens Taiwan in die besonder (byvoorbeeld met 352 invalle deur Chinese militêre vliegtuie in Taiwan se lugverdedigingsuitkensone (“air defence identification zone”) gedurende 1 Januarie tot 30 April 2022 teenoor 282 gedurende dieselfde tydperk vir 2021) – speel af teen die agtergrond van die ingrypende toename in Chinese militêre en ekonomiese mag, wat op sigself meebring dat China homself én die wêreld rondom hom met nuwe oë aanskou (Kadidal 2022). Vergeleke met die VSA, is China lankal nie meer ’n militêre en ekonomiese liggewig nie. Trouens, met verwysing na straks elke belangrike magsaanwyser ervaar die VSA vandag fel Chinese

kompetisie, soveel dat China vandag reeds nader aan die VSA betreffende latente mag is as wat die voormalige Sowjetunie ooit was (Mearsheimer 2021).

Vergelyk die volgende: Op die kruin van die Sowjetunie se mag (gedurende die 1970's) het dié land 'n geringe bevolkingsvoordeel (ongeveer 1,2 tot 1) teenoor die VSA geniet en oor byna 60% (gemeet in terme van bruto nasionale produk of BNP as 'n ruwe maatstaf van nasionale welvaart) van die welvaart van die VSA beskik. Vandag reeds verdwerg die Chinese bevolking dié van die VSA (ongeveer 4 tot 1) en beskik dit oor byna 70% van die VSA se welvaart (Mearsheimer 2021). Indien die Chinese ekonomie kan voortbeur teen ongeveer 5% groei per jaar, sal die Chinese ongetwyfeld oor meer latente mag as die VSA beskik. Enkele toekomsprojeksies is verder insiggewend. Daar word geraam dat China teen 2050 'n bevolkingsvoordeel vis-à-vis die VSA van 3,7 tot 1 sal hê, en indien die Chinese straks 50% van die VSA se per kapita- bruto binnelandse produk (BBP) teen 2050 het, sal China 1,8 keer ryker as die VSA wees. Indien China selfs nóg beter vaar en 60% van die VSA se per kapita-BBP bereik, sal dit 2,3 keer ryker as die VSA wees (Mearsheimer 2021). Trouens, sommige kenners meen dat China se BBP reeds teen 2030 dié van die Amerikaners sal oortref (Herman 2022). Hierdie voordeel in latente mag, meen Mearsheimer (2021), kan meebring dat die Chinese 'n veel sterker weermag as dié van die Amerikaners kan bou. Inderwaarheid, soos Eaglen en Ferrari (2022:29) tereg uitwys, beskik die Amerikaanse weermag vandag reeds nie meer oor dieselfde militêre voordele oor China in die Indo-Pasifiese streek as vantevore nie.

Soortgelyk aan ander groot moondhede in die geskiedenis van die internasionale politiek beskou China homself toenemend as die spil waarom alles draai, bestem en uitgeknipt om die leier van die wêreld te wees. Soos Episkopos (2022b) meld, het Xi Jinping aan die vooraand van die eeufeesvieringe van die Kommunistiese Party van China die wêreld daaraan herinner dat dié party deur die geskiedenis en die mense “uitverkies” is tot 'n posisie van leierskap én spilpunt op die internasionale verhoog, 'n uitgangspunt wat sterk herinner aan dié van die VSA aan die einde van die 19de eeu, synde dat hulle oor “'n spesiale morele gawe onder die mense [en lande] van die wêreld beskik” (Kennedy 1989:246; Economy 2022). Terwyl die VSA as 'n kwynende mag beskou word, sien China homself as bestem om die spilpunt van die wêreld-politiek te word, en namate dié land ekonomies en militêr voortbeur, om die reëls, norme en instellings van die internasionale sisteem volgens sy voorkeure te vorm. Ofskoon Amerikaanse instellings, norme en waardes vir etlike dekades leiding in die wêreldpolitiek verskaf het, is die VSA-geleide internasionale sisteem, meen China, vandag uitgedien (Cohen 2022). Trouens, Chinese amptenare en akademici skreeu luidrugtig: “Die Ooste is aan die opmars, en die Weste besig om te kwyn” (Economy 2022; Herman 2022).

Tekenend van die voortreflikheid van Chinese instellings, luidens president Xi, was die wyse waarop China die leiding geneem het om die COVID-19-pandemie te tem, sy werksplek terug te laat keer, en ook die eerste land was om positiewe ekonomiese groei te herwin (Economy 2022). Dat China se zero-Covid-beleid in wese 'n ekonomiese verlangsamings en diep ontevredenheid onder die burgers veroorsaak het, verander skynbaar nie die oppermagtigheid van Chinese instellings nie (Sun 2022). Dié voortreflikheid, meen Xi, spruit voort uit China se “selfvertroue in ons weg, selfvertroue in ons teorieë, [en] selfvertroue in ons kultuur” (Economy 2022). Die post-Tweede Wêreldoorlogera was hoofsaaklik gevorm deur liberale demokrasieë met as vertrekpunt 'n verbintenis tot die beginsels van universele menseregte, die oppergesag van die reg, en beperkte staatsinmenging in die lewens van die burgers. Die internasionale reg en multilaterale instellings het ten doel gehad om hierdie beginsels te bevorder, en tegnologie is dikwels ingespan om dit te versterk (Economy 2022).



Dié orde weerspieël nie Chinese belange, norme en waardes nie. Inteendeel, Xi het telkemale daarop gewys dat die internasionale sisteem herskep moet word om Chinese belange en waardes te weerspieël (Herman 2022). Teenoor die liberale inslag kenmerkend van die afgelope sewe dekades dring China daarop aan dat die staat 'n beduidende (eerder: totalitêre) rol in die lewens van die burgers moet speel. In hierdie nuwe orde moet instellings, wette en tegnologie ten doel hê om staatsbeheer te verskans, individuele vryhede te beperk en die vrye mark te betuel. Hiernaas moet internasionale instellings en die internasionale reg Chinese voorkeure weerspieël (Economy 2022).

Hoewel daar dikwels verwys word na China se Gordel-en-pad-inisiatief (GPI) as 'n instrument vir die bevordering van Chinese politieke en kulturele waardes, is dit noemenswaardig dat die GPI op sigself voortvloei uit 'n meer omvangryke Chinese strategie, bekend in China se hoogste kringe as “Onbeperkte Oorlogvoering” (McFarlane en Gattie 2021:71). Dié strategie het ten doel om China in staat te stel om drie doelwitte te verwesenlik, wat eindelik die Chinese strewe na hegemonie onderskryf: die verowering en beheer van die wêreld se strategiese hulpbronne (o.a. Kongolese kobalt en litium uit Chili); die uitoefen van beheer oor strategiese areas (o.a. die Suez-kanaal, Straat van Malakka en Gibraltar); en volgehoue toegang tot en beheer oor handel in die wêreld se grootste markte (McFarlane en Gattie 2021:71; Mearsheimer 2021). Eindelik, met die koms van president Xi gedurende 2013, is dié strategie in 'n vriendelike omhulsel verpak wat onder die publiek as die GPI bekend geword het. Hierlangs het China by wyse van roofsugtige lenings tradisionele merkantilisme, koërsiewe konflikresolusie en vergrype van grondgebied gepoog om verskeie lande binne te dring, politieke en ekonomies te beïnvloed, en te oorheers (Kapur 2021:54). Daarbenewens besit China reeds 60% van die Kongo se kobalt en 'n groot hoeveelheid van Chili se litium, en beskik hy oor 'n groeiende en uitgestrekte netwerk van hawens (vir kommersiële en militêre doeleindes) (McFarlane en Gattie 2021:73). Vir Xi is die eerste stap op weg na 'n Chinees-geleide internasionale sisteem die oorteken van die Chinese kaart – geen kaart van China sal aanvaarbaar vir Xi wees sonder Chinese beheer oor Taiwan nie (Economy 2022). Trouens, die uitoefening van Chinese soewereiniteit oor Hongkong (iets wat reeds afgehandel is), die Suid-Chinese See en Taiwan, elk lankbetwiste grondgebiede en strategies belangrik vir China, is Xi “se hoofprioriteit” (Economy 2022; Herman 2022). Omarm deur 'n toenemend verhewe visie van homself en gerugsteun deur sy groeiende ekonomiese en militêre magposisie (met sy ambisie om 'n eersterangse weermag teen 2050 te ontplooi), word die Chinese strewe na en verwesenliking van hereniging met Taiwan vir baie – of dan ten minste vir die Chinese Kommunistiese Party – as 'n voldonge feit beskou (Denmark en Talmadge 2021).

### **3. 'n Chinese inval van Taiwan: nie vandag nie, maar môre**

China stoom onverwyld voort in sy poging om 'n weermag te bou wat Taiwan kan binneval en beset. Beijing het reeds goeie vordering gemaak met dié onderneming in gedagte, onder andere deur die bespoediging van tuisvervaardigde vliegdekskepe, nuwe duikbote, amfibiese skepe, torpedojaers, korvette en dergelike maritieme bates. Derhalwe is sommige waarnemers van mening dat Beijing reeds in staat is om 'n suksesvolle inval van Taiwan van stapel te stuur. Codevilla (2021), in 'n poging om te voorsien hoe só 'n inval sal uitsien, voer aan dat Chinese lugaanvalle – waarskynlik die eerste fase in 'n Chinese inval van Taiwan – enige georganiseerde verdediging in 8–12 uur kan verslaan. Met 'n aansienlike arsenaal van missiele (insluitend hipersoniese missiele) tot sy beskikking, meen Codevilla, sal geen Taiwanees

militêre teiken oorleef nie, en namate die Taiwaneese leër haas om die strande te beskerm, sal 'n volgehoue bombarderingsveldtog ontvou. Voorts meen Codevilla dat Chinese pogings om tenks te ontplooi, beswaarlik moeilik sal wees. Ook het China onlangs hul eerste (en die wêreld se grootste) helihawe voltooi, waarvandaan die Taiwaneese verdediging vanaf die agterhoede aangeval kan word. Op sy beurt sal die Chinese vloot, wat vandag oor meer vlootvaartuie as die Amerikaanse vloot beskik, die Taiwaneese vloot in enige maritieme stryd oorweldig.

'n Chinese inval van Taiwan is egter veel meer ingewikkeld as die prentjie wat deur Codevilla geskets word. Die amfibiese operasie wat China noodgedwonge sal moet uitvoer om Taiwan in te val sal allermens maklik wees. Hoewel China koorsagtig voorbereidings tref om Taiwan binne te val, stoom Taiwan eweneens onverwyld voort in die daarstel van 'n doeltreffende verdedigingsmag. Pogings om die Taiwaneese weermag te moderniseer, met 'n besondere klem op die rol van asimmetriese wapens en oorlogvoering om 'n Chinese inval af te weer en, indien nodig, te verslaan, is van stapel gestuur (Nathan 2022). Kragtens die 2021 Nasionale Verdedigingsverslag van Taiwan staan die “asimmetriese konsep” sentraal tot die daarstel van 'n sterk en doeltreffende Taiwaneese weermag (The Ministry of National Defense 2021:58). Meer spesifiek word daar veral klem geplaas op die gebruik van 'n ystervarkstrategie (wat gedurende 2010 deur die voormalige hoof van die generale staf van die Taiwaneese weermag, admiraal Lee His-ming, ontwikkel is) bykomend tot multidomein- konvensionele afskrikking, waarlangs Amerikaansvervaardigde asimmetriese wapens (o.a. seemyne, krygshommeltuie en lugverdedigingsisteme) ingespan word om enige Chinese inval van Taiwan vir so lank as moontlik te kelder (Episkopos 2022a; The Ministry of National Defense 2021:59). Voorts sal Taiwan se tuisvervaardigde diesel-elektriese duikbote (waarvan die eerste een reeds teen 2025 in diens gestel sal word) ongetwyfeld enige Chinese oorwegings van 'n inval van Taiwan bemoeilik. Dit sal uiters moeilik vir Chinese teenduikbootoorlogvoeringsmagte wees, gegewe die vlak water van die Straat van Taiwan, om hierdie duikbote op te spoor, en voorts kan hulle gebruik word om Chinese troepskepe te teiken wat die Straat oorsteek. Taiwaneese duikbote sal dus ontplooi word in 'n teikenryke omgewing en teen 'n vyand met beperkte vermoëns om doeltreffend duikbootoorlogvoering uit te voer weens die vlak water van die Straat (Cote 2021:i). Daar moet egter in gedagte gehou word dat sodanige moderniseringspogings afspeel teen die agtergrond van die hardvotige werklikheid dat die gaping in konvensionele militêre mag tussen China en Taiwan in die toekoms toenemend onewewigtig (en, natuurlik, in die guns van die Chinese) sal word.

Die belangrike vraag wat egter geopper moet word, is of die Amerikaners – vandag én in die toekoms – oor die militêre slaankrag beskik om Taiwan teen 'n Chinese inval te beskerm.

Met dié vraag moet ons egter fyn trap. Waarom dan? Eerstens moet ons ondersoek instel na die VSA se huidige militêre posisie vis-à-vis China. Tweedens: Hoe sien die VSA se militêre posisie vis-à-vis China in die *toekoms* daar uit? Laastens moet daar onderskei word tussen “mag” en “wil”, dit is, bestaan daar 'n diepgaande Amerikaanse bereidwilligheid om wél vir Taiwan te verdedig? Laasgenoemde sal in die volgende afdeling aangeroeer word.

In 'n uiters noukeurige ondersoek na die VSA se militêre vermoëns om Taiwan in die afsienbare toekoms (hoewel nie onbepaald nie) teen 'n Chinese inval te verdedig, noem Cote (2022) dat daar etlike redes aangevoer kan word vir waarom China daarvan weerhou sal word om Taiwan binne te val. Die vernaamste militêre rede, meen Cote (2022:65), hou verband met China se onvermoë om 'n suksesvolle amfibiese operasie oor die Straat van Taiwan, en die

daaropvolgende skeepsmag ter ondersteuning van veelvuldige oorvaart oor die Straat, te verseker (vgl. ook Odell en Heginbotham 2021 vir 'n soortgelyke gevolgtrekking).

Drie redes word aangevoer vir Cote se optimisme dat die VSA Taiwan teen 'n volskaalse Chinese inval – vandag én in die afsienbare toekoms – kan verdedig (Cote 2022:67–9). Een: China beskik oor weinig of geen vermoë om Amerikaanse kernaangedrewe aanvalsdrukkbote te keer om die waters van die Straat van Taiwan binne te dring en militêre aksies uit te voer nie, en sal ook in die toekoms nie daarvoor beskik nie, 'n werklikheid voortspruitend uit die maritieme geografie van die Straat (dit is, die vlak water). Twee: Die bedreiging wat deur heimlike teenskap-langafstandsmisiele, spesifiek die VSA se Long Range Anti-Ship Missile (LRASM), voorgelê word, veral dié wat vanaf langafstandbomwerpers ontplooibaar vanaf Amerikaanse basisse in die Tweede Eilandsketting (bestaande uit die Marianas, die Westerse Caroline, Nieu-Guinee en Japan se Bonin-eilande) gelanseer word, bly onbeantwoord deur China. Laastens: Die unieke sinergie voortspruitend uit die gebruik van Amerikaanse duikbote en bomwerpers as 'n span (eerder as onafhanklik) bied taktiese en operasionele voordele. Op die taktiese vlak kan Amerikaanse duikbote ingespan word om bomwerpers toegerus met LRASM'e te sein. Die operasionele sinergie voortspruitend uit die duikboot-en-bomwerperspan dwing die Chinese vloot tot 'n onbenydenswaardige kompromis tussen die saamgroepering van sy amfibiese skeepsmag onder militêre geleide (wat beskerming teen allenige Amerikaanse duikbote bied onderwyl die risiko van grootskaalse aanvalle deur LRASM-toegeruste Amerikaanse bomwerpers vergroot) en die verspreiding van sy amfibiese skeepsmag (wat die doeltreffendheid van LRASM-toegeruste Amerikaanse bomwerpers verlaag onderwyl die groep teikens vir Amerikaanse duikbote vergroot) (Cote 2022:69).

Nie almal is egter van mening dat die Amerikaanse weermag vandag (wat nog te sê van in die afsienbare toekoms) oor die militêre vermoëns beskik om Taiwan te verdedig nie. Fanie Herman is byvoorbeeld een van 'n menigte waarnemers wat aanvoer dat die kwynende Amerikaanse magsposisie vis-à-vis China meebring dat daar sterk twyfel bestaan of die Amerikaanse weermag China in 'n oorlog sal kan verslaan (Neethling en Herman 2022). Op sy beurt vermeld Osborn (2022a) dat dit “denkbaar” is dat die Amerikaanse weermag wél Taiwan vandag kan verdedig, maar hy voeg by dat die suksesvolle verdediging van die eiland afhanklik is van verskeie dinge wat presies reg moet verloop. Dit is denkbaar, noem Osborn, dat 'n VSA-geleide koalisie enige Chinese amfibiese aanval op Taiwan kan vernietig, ahangende van die aantal vlootbates wat vroegtydig (dit is, voor 'n Chinese aanval) in die streek ontplooi kan word, die aantal Amerikaanse duikbote wat kan reageer, en die spoed en skaal waarvolgens Amerikaanse F-35-sluipbomwerpers ontbied kan word om lugoormag te verseker. Dít, vrees Osborn (2022a), is moontlik 'n onuitvoerbare opdrag vir die Amerikaanse weermag, veral gegewe die feit dat die Chinese weermag lank reeds vir juis so 'n gebeurlikheid beplan en oor genoegsaam misiele beskik om diegene te pynig wat ter verdediging van Taiwan optree.

Eaglen en Ferrari (2022) verklaar prontuit dat die vooruitsig op die VSA se vermoë om 'n Chinese aanval van Taiwan af te skrik of te verdedig uiters “droewig” is. Volgens dié skrywers is die kritieke voordele wat die VSA eens teenoor China in 'n moontlike konflikscenario oor Taiwan geniet het, besig om te kwyn. Ook Auslin (2022) waarsku dat “China se dramatiese modernisering van sy konvensionele magte die magsbalans in Asië verander het en dat daar toenemend vae geopper word oor die Amerikaanse weermag se vermoë om die Chinese weermag af te skrik en te verslaan” indien oorlog sou uitbreek. Telkens wys oorlogspele en Taiwan-krisissimulasies dat China 'n suksesvolle inval van Taiwan kán uitvoer. Voorts vind die Amerikaanse weermag dit uiters moeilik om die konvensionele magte noodsaaklik vir 'n

vooruitverdediging (“forward defence”) in die operasionele gebied te vestig, wat meebring dat dit uiters moeilik sal wees om enige verdere Chinese aggressie te kortwiek (Eaglen en Ferrari 2022:30). Hoewel Eaglen en Ferrari (2022:42) verskeie stappe voorhou om die Amerikaanse konvensionele magposisie vis-à-vis China te verskerp, vind hulle dit betreurenswaardig dat dié en ander noodsaaklike stappe met rasse skrede deur die Amerikaanse regering verwerp word. Die slotsom vir Eaglen en Ferrari, asook etlike ander waarnemers, is dat ’n suksesvolle Chinese inval van Taiwan vandag moontlik is, maar dat die koste (finansiële, politieke, militêre en met betrekking tot lewensverlies) uiters hoog sou wees. Hoewel Taiwaneese selfverdedigingspogings die koste van Chinese aggressie hoog kan hou, blyk dié pogings ’n onbegonne taak in die lig van, enersyds, die groeiende Chinese militêre magposisie en, andersyds, die kwynende Amerikaanse magposisie. Hoe lank Taiwan daarin kan slaag om die koste van ’n Chinese inval onverbiddelik hoog te hou, is ’n ope vraag. Sommige waarnemers meen dat ’n Chinese inval van Taiwan reeds teen 2025 kan plaasvind, terwyl ander ’n tydsbestek van een of twee dekades voorhou, veral gegewe die ontwikkeling van Taiwaneese duikbote en die ingebruikneming van asimmetriese oorlogvoering en wapens (Mastro 2022; Nathan 2022; Odell en Heginbotham 2021; Lendon 2020).

Natuurlik is ’n Chinese inval van Taiwan nie die enigste opsie vir China om Taiwaneese hereniging teweeg te bring nie. Pleks van ’n volskaalse inval, kan China verkies om ’n vloot- of lugblokkade van stapel te stuur, waarlangs Taiwaneese handel tot stilstand geruk sal word en Taipei noodgedwonge aan Chinese eise sou oorgee (Odell en Heginbotham 2021). ’n Vloot- of lugblokkade sal egter veel meer risiko as voordele vir China inhou. ’n Blokkade sal uiteraard vereis dat Chinese skepe en vliegtuie vir ’n geruime tyd aan die ooste van Taiwan ontplooi moet word, wat gunstige teikens vir Amerikaanse en Taiwaneese bomwerpers, duikbote en missiele verskaf (Odell en Heginbotham 2021). Toegang vir Chinese duikbote en vaartuie tot die Eerste Eilandsketting (bestaande uit die Koerile, die Japannese Skiereiland, die Ryukyu-eilande, Taiwan, die noordwestelike dele van die Filippyne tot Borneo) ten einde ’n blokkade af te dwing, sal voorts ’n uiters gevaarlike en moeilike onderneming wees. Die VSA beskik oor passief-akoestiese rignette (“passive acoustic arrays”), strategies ontplooi aan die uitgange van die Oos-Chinese See en die noordelike derde van die Suid-Chinese See, wat enige geheime toegang deur Chinese duikbote tot die Filippynse See en die suidelike twee derdes van die Suid-Chinese See onmoontlik maak en grootskaalse verliese aan Chinese vaartuie sal meebring wat gedurende ’n konflik deur dié strate vaar (Cote 2022:66). Voorts sal enige blokkade ’n uitgerekte en uitmergelende onderneming wees (wat etlike maande of selfs jare kan duur om werklik suksesvol te wees), wat die VSA en Taiwan die tyd sal gee om hul militêre mag te mobiliseer om die blokkade te verbreek (Odell en Heginbotham 2021). Ook kan ’n blokkade ’n teenblokkade teweegbring, met verreikende gevolge vir die Chinese ekonomie. Daar moet onthou word dat China se grootste hawens afhanklik is van deurgang deur waters naby Taiwan en dat die Chinese mark uiters afhanklik van Taiwaneese halfgeleier-mikroskopies is (Uren 2022). Trouens, soos Uren (2022) tereg uitwys, Taiwaneese halfgeleier-mikroskopies is “die kern” van Chinese uitvoere van elektroniese ware. ’n Chinese blokkade sal, soos Odell en Heginbotham (2021) uitwys, onwaarskynlik suksesvol wees om Taiwaneese hereniging teweeg te bring, veral indien die VSA bereid sou wees om sy militêre gewig agter Taiwan in te gooi.

Gevolgtrek, wat is die vooruitsig van ’n Chinese inval van Taiwan? Soos hier bo vermeld, is ’n Chinese inval *vandag* reeds moontlik, maar teen ’n koste vir Beijing wat in alle waarskynlikheid nie politieke, ekonomiese en militêre aanvaarbaar is nie. Derhalwe is ’n Chinese inval vandag moontlik, dog onwaarskynlik, ’n gevolgtrekking wat eweneens geld met verwysing na

die waarskynlikheid van 'n Chinese blokkade. Hierteenoor lyk antwoorde op dié vraag uiters droewig indien die tydgleuf verder in die toekoms in geskuif sou word. In die lig van die kwynende Amerikaanse magsposisie enersyds en die groeiende magsposisie van die Chinese andersyds lyk die toekomsblik (dit is, oor die volgende twee dekades of wat) rakende Taiwan se verdediging toenemend benard. Die prentjie word selfs nóg donkerder indien ons verstaan dat daar géén waarborge bestaan dat die VSA vir 'n onbepaalde tyd in staat of, ewe belangrik, bereid sal wees om Taiwan teen 'n Chinese inval te verdedig nie. Bowendien, indien die VSA in 'n oorlog met 'n ander moondheid (byvoorbeeld Rusland) verstrik sou raak of 'n oorlog op twee gevegsfronte moes trotseer (teen Rusland én China), sou hy beswaarlik vir Taiwan kon verdedig.

#### 4. Tot die dood ons skei? Amerikaanse verbinteniskwessies

China se militêre en ekonomiese mag verdwerg dié van Taiwan, 'n werklikheid wat beide lande goed verstaan. Vir etlike jare kon Taiwan egter troos vind in die feit dat die VSA – die onbetwisbare hegemon in die post-Tweede Wêreldoorlogera – Taiwan teen 'n Chinese inval kon beskerm (maar nie noodwendig sou nie). Ofskoon daar dikwels deur Amerikaanse regeringsamptenare (en, onlangs, deur president Biden self) te kenne gegee word dat die VSA bereid sal wees om Taiwan teen 'n Chinese inval te verdedig, word dié gewaagde stellings byna altyd onmiddellik herroep, gevolg deur 'n regeringsverklaring dat die amptelike Amerikaanse beleid van “strategiese dubbelsinnigheid” (waarvolgens die VSA weier om uitdruklik te verklaar of hy Taiwan teen 'n Chinese aanval sal verdedig al dan nie) onveranderd bly. Die harde werklikheid blyk egter dat die VSA nog nooit werklik so ernstig was om Taiwane se belange voorop te stel nie, 'n werklikheid wat ooglopend na vore tree indien ons oorweging skenk aan Amerikaanse *optrede* eerder as *retoriek*. Opeenvolgende Amerikaanse regerings het op allerlei wyses vir Beijing te kenne gegee dat hulle meer as bereid is om toegewings oor Taiwan te maak. Vir Beijing is die kwessie van Taiwane se hereniging met die vasteland nog altyd ononderhandelbaar. Trouens, by meer as een geleentheid het senior Chinese regeringsamptenare, asook akademië, in vertroulike gesprekke met hul Amerikaanse eweknieë gedreig om Los Angeles met 'n kernwapen te vernietig in reaksie op 'n Taiwane se krisis (Auslin 2022). 'n Gelykmatige erns oor Taiwan kan egter nie – histories beskou – onder opeenvolgende Amerikaanse regerings bespeur word nie.

Kort na die stigting van die Republiek van China (Taiwan) in 1949, het Beijing geen tyd verspil om die VSA mee te deel dat vriendskaplike Sjinees-Amerikaanse betrekkinge onderhewig was aan die VSA se opsegging van Taiwan nie. Soos Codevilla (2021) uitwys, het die VSA sonder versuim tot Beijing se eise ingestem en laasgenoemde alles gegee wat die Amerikaanse politieke sisteem redelikerwys kon bied. Dit is juis hierdie toegeeflikheid wat die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Dean Acheson, oortuig het dat Mao seer seker homself daarvan sou weerhou om die VSA militêr in Korea uit te daag. Toe Mao vervolgens juis dít gedoen het, het die Truman-administrasie duidelike opdragte aan die VSA se Sewende Vloot gegee om Taiwan te verhoed om 'n aanval teen Mao se magte vanaf die agterhoede van stapel te stuur. Sowat twee dekades later, teen die agtergrond van Chinese vrese oor moontlike Sowjet-kernaanvalle teen China se ontlukende kernwapenprogram ná die Chinese Kommunistiese Party Moskou militêr en polities geminag het, het Beijing die Nixon-administrasie om hulp genader (Codevilla 2021). Hiér het 'n gulde geleentheid na vore getree, een wat die Nixon-administrasie vertrap het. Hoewel in 'n uiters benarde situasie, het die Chinese eerste minister,

Zhou Enali, nietemin by die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Henry Kissinger, aangedring dat die VSA erkenning van Taiwan moet opsê (Codevilla 2021).

Amerikaanse instemming tot Chinese eise – ten koste van Taiwan – het gedurende 1979 veel erger geword. Ofskoon ’n wedersydse VSA-Taiwan-verdedigingsooreenkoms van 1954 tot 1979 van krag was, het die Carter-administrasie gedurende 1979 dié ooreenkoms as voorwaarde vir die vestiging van diplomatieke betrekkinge met China opgehef (Bush 2016). Hierdie wedersydse verdedigingsooreenkoms – ’n bindende ooreenkoms kragtens die internasionale reg – is gedurende 1979 met die Taiwan-betrekkinge-wet (Taiwan Relations Act) vervang, waarvolgens die VSA onderneem om verdedigingswapens aan Taiwan te verskaf. Dit is derhalwe tersaaklik om te noem dat die VSA géén verdragsplig teenoor Taiwan het in die geval van ’n Chinese inval van Taiwan nie (Mearsheimer 2014:35).

Hoewel die Reagan-administrasie straks ’n afwyking was, het opeenvolgende Amerikaanse regerings in werklikheid aan Beijing die sein gegee dat Washington nie werklik só ernstig oor Taiwan is nie (Codevilla 2021). Bekoor deur die oënskynlike triomfalisme van liberale internasionalisme (’n teoretiese skool in die bestudering van die internasionale politiek), het vier Amerikaanse regerings – van president George H.W. Bush tot Barack Obama – onverskrokke geglo dat ’n meer welvarende China tot ’n demokratiese regstaat sou ontwikkel en sodoende die ideale van wêreldvrede en internasionale veiligheid sou dien (Mearsheimer 2021). Kragtens hierdie logika hoef ’n ekonomies en militêr sterker China nie gevrees te word nie, met ’n beleid van betrokkenheid (waarvolgens China met ope arms in die internasionale ekonomiese sisteem verwelkom word en aangemoedig word om ekonomies en militêr te groei) eerder as ’n inperkingsbeleid (“containment policy”, luidens die teoretiese skool van realisme) wat voorgeskryf is. Vervolgens het opeenvolgende Amerikaanse presidente sedert 1980 die status as mees begunstigde handelsnasie aan China toegeken (wat aan China uiters voordelige handelsvoorwaardes met die VSA gebied het), ’n status wat in 2000 permanent gemaak is (Mearsheimer 2021). Dié strategiese flater is in 2001 opgevolg deur die VSA se verwelkoming van China in die Wêreldhandelsorganisasie (WHO), wat die deur wyd oopgeswaai het vir China om meer wedywerend – en sterker – te word (Mearsheimer 2021). Teen die agtergrond van die verwagting wat deur opeenvolgende Amerikaanse regerings gekoester is, naamlik dat China ’n demokratiese krag vir vrede in die internasionale politiek sou uitmaak, is Taiwan in wese beskou as ’n irritasie en hindernis in die proses van China se transformasie na ’n uiters magtige, dog verantwoordelike, groot moondheid (Codevilla 2021; Mearsheimer 2021). Vir etlike dekades het opeenvolgende Amerikaanse regerings dus vir Beijing rede gegee om te glo dat Washington op stuk van sake bereid sal wees om Taiwan stilletjies te laat gaan (Codevilla 2021).

Ofskoon die Obama-administrasie se draai na Asië ’n verskuiwing vanaf ’n beleid van betrokkenheid na een van inperking aangedui het, het die vurige retoriek egter nie met die werklikheid gestrook nie. Benewens die betwisting van maritieme regte en die indien van klagtes teen Beijing by die WHO, het die Amerikaanse draai na Asië weinig opgelewer (Mearsheimer 2021). Vanaf 2017 het die VSA betrokkenheid vir inperking verruil, met beide die Trump- en Biden-administrasies wat ’n meer onversetlike houding jeens Beijing ingeneem het. Dit is noemenswaardig dat die VSA se Innovasie-en-mededingingswet (US Innovation and Competition Act), wat in Junie 2021 deur die senaat goedgekeur is, dit bepleit dat Taiwan as ’n onafhanklike en strategies belangrike staat beskou word. Biden het meer as een keer daarop gewys dat die VSA “’n verpligting het” om Taiwan te verdedig (Osborn 2022a). Met dit in gedagte het die VSA gedurende Maart 2022 ’n afvaardiging onder leiding van die voormalige

voorsitter van die Gesamentlike Stafhoofde (Joint Chiefs of Staff), Mike Mullen, na Taiwan gestuur skynbaar ter ondersteuning van Taipei. Wat wél belangrik is, is dat sodanige Amerikaanse uitlatings oor volkome ondersteuning van Taipei byna altyd deur amptelike verklarings gevolg word waarin uitdruklik vermeld word dat die president nie 'n verandering in die VSA se beleid aandui nie en dat daar géén verandering in die beleid is nie (Sanger 2021). Derhalwe blyk die VSA, ondanks die vurige retoriek, onlosmaaklik verbind te wees tot die beleid van strategiese dubbelsinnigheid – en vir dié strategie om te werk, moet die VSA konsekwent in sy uitlatings en optrede wees. Selfs indien die VSA 'n volte face ondergaan en onomwonde verklaar dat hy Taiwan teen 'n Chinese inval sál beskerm, sal beide China en Taiwan sekerlik twyfel of die VSA werklik tot Taiwan se verdediging verbind is en, gepaardgaande hiermee, of die VSA *onbepaald* oor die vermoë en bereidwilligheid sal beskik om Taiwanees belange voorop te stel.

Terloops, dit is noemenswaardig dat die onlangs vrygestelde Nasionale Veiligheidsstrategie van die VSA onomwonde verklaar dat die VSA “enige eensydige veranderinge aan die status quo deur die een of die ander kant teenstaan, en nie Taiwanees onafhanklikheid steun nie” (The White House 2022:24). Die VSA bly onlosmaaklik verbind tot “die een-China-beleid” en sal voortgaan, kragtens die Taiwan-betrekkingewet, om Taiwanees selfverdediging te ondersteun (The White House 2022:24). Eweneens wys die VSA se onlangs vrygestelde Nasionale Verdedigingstrategie daarop dat die VSA “Taiwan se asimmetriese selfverdediging ooreenkomstig die groeiende Chinese bedreiging en in ooreenstemming met ons een-China-beleid sal ondersteun” (US Department of Defense 2022:15). Daar word dus géén beleidsverandering van die VSA jeens Taiwan in die vooruitsig gestel nie en daar bestaan hoegenaamd géén waarborge dat die VSA Taiwan teen 'n Chinese inval sal – of kan – beskerm nie.

Vir Taiwan sou die VSA se ambivalensie oor die eiland se verdediging en sy gelatenheid jeens Chinese eise nog verteerbaar wees in 'n tydperk waarin die VSA die onbetwisbare hegemon in die wêreld was en China 'n swak, dog ontwikkelende, land. Dié wêreld bestaan egter nie meer nie. Ofskoon die VSA tasbare stappe doen om Chinese mag teë te werk, blyk dit steeds dat Washington 'n duidelike en samehangende strategie kortkom om Chinese invloed in die Asies-Pasifiese streek te stuit. Trouens, Amerikaanse bondgenote in die streek spreek toenemend kommer uit oor die VSA se verbintenis tot hul belange en veiligheid (Sankey 2021:85; Kapur 2022:58).

Dit is teen dié agtergrond van dekades lange Amerikaanse instemming tot Chinese eise oor Taiwan, die kwyning van Amerikaanse militêre en ekonomiese mag en, hierteenoor, die opkoms van China, dat Taipei oorweging aan sy huidige en toekomstige veiligheidsbehoefte moet skenk. Met China wat in alle waarskynlikheid teen 2050 die onbetwisbare hegemon van die wêreld sal uitmaak, en met die VSA óf ongeneë óf magteloos om Taiwan te verdedig, lyk laasgenoemde se toekoms inderdaad benard. Selfs indien die VSA tot die hoogs onwaarskynlike stap sou oorgaan om Taiwan onder sy kernsambreel in te sluit, sal Taiwanees vrese oor 'n moontlike Chinese inval steeds gedy. Want soos Denmark en Talmadge (2021) tereg uitwys, gedy vrese oor die VSA se verbintenis tot uitgebreide afskrikking (“extended deterrence”) reeds onder Amerikaanse bondgenote wat onder sy kernsambreel ingesluit word. In elk geval, China sal in alle waarskynlikheid glo dat Amerikaanse belange in Taiwan nie van so 'n aard is dat Washington bereid sal wees om Amerikaanse lewens en stede op die spel te plaas in ruil vir dié van Taiwan nie.

## 5. 'n Omsigtige Taiwan sal die kernwapenpad móét kies

In haar skrywe in die gesaghebbende vaktydskrif *Foreign Affairs* gedurende November 2021 wys die Taiwanees president, Tsai Ing-wen, daarop dat Taipei 'n heldersienende blik op sy buitelandse omgewing sal handhaaf onderwyl dit diepgaande pogings tot militêre modernisering van stapel sal stuur (Ing-wen 2021). Dit is natuurlik moontlik – dog hoogs onwaarskynlik – dat die VSA 'n beleid van strategiese sekerheid kan aanvaar waarlangs duidelike rooi lyne aan China gekommunikeer word indien laasgenoemde Taiwan sou binneval. 'n Beleid geskoei op strategiese sekerheid sal duidelik aan Beijing kommunikeer dat Washington bereid sal wees om konvensionele mag te gebruik om Taiwan teen 'n Chinese inval te verdedig. Deur skouer aan skouer met die Taiwanees weermag te veg, sal die Amerikaanse weermag minder daarop gefokus wees om 'n Chinese inval te verslaan en meer om te verseker dat 'n Chinese inval ten beste 'n Pirrosoorwinning behaal. Desnieteenstaande is dit onwaarskynlik dat 'n strategie geskoei op konvensionele afskrikking sal werk. Waarom nie? Daar word ernstig betwyfel of die VSA werklik bereid sal wees om Amerikaanse lewens en rykdom op die spel te plaas vir 'n oorlog wat hulle in alle waarskynlikheid sal verloor en 'n uiters hoë prys voor sal betaal (Mearsheimer 2014:38). Ofskoon die Taiwanees regering koersagtig poog om 'n verdedigingstrategie daar te stel wat die koste van 'n Chinese inval van die eiland met rasse skrede verhoog, is die langtermynvooruitsigte van 'n Taiwanees oorwinning beswaarlik rooskleurig. Hier sal dit insiggewend wees om kortliks na Rusland se oorlog in Oekraïne te verwys, veral omdat dié oorlog dikwels voorgehou word as een wat lesse vir beide Beijing en Taipei inhou.

Die verloop van die oorlog moet vir beide lande 'n ontnugtering wees. Die Russiese offensief was tot op hede veel duurder en meer tydrowend as wat president Wladimir Poetin, sy weermaghoofde en militêre kenners kon voorsien het, 'n ontwikkeling wat enige Chinese oorwegings oor militêre optrede jeens Taiwan tot nadenke sal stem (Carpenter 2022). Terselfdertyd is dit noemenswaardig dat Russiese magte geleidelike, dog stadige, vooruitgang gemaak het om Oekraïense verdediging af te takel. Trouens, Rusland beheer byna die hele kusgebied van die Swart See wat grens aan Oekraïne en 'n groot strook grondgebied aan die ooste van die land. Diegene wat wys op die moontlikheid van 'n Oekraïense oorwinning oor Rusland, meen Carpenter (2022), verkeer in die waan. Insgelyks verkeer voorstanders van Taiwanees onafhanklikheid in die waan indien hulle glo dat Taipei eindelik teen 'n Chinese aanval sal seëvier. Daar word geglo dat die voorsiening van gevorderde Amerikaanse wapentuig (met besondere verwysing na lug- en maritieme vermoëns) Taiwan sal bemagtig om Oekraïne na te boots en 'n strategie geskoei op asimmetriese oorlogvoering te volg wat die koste van 'n inval vir China met rasse skrede sal verhoog. Indien die VSA egter onwillig is om in 'n uitgerekte – waarskynlik totale – oorlog teen China ter verdediging van Taiwan verstrengeel te raak, is die waarskynlikheid van 'n Taiwanees oorwinning uiters laag – en daar is geen waarborg dat óf die VSA óf Japan (wat nog te sê van enige Europese land) Taiwan sál bystaan nie (Hornung 2022; Carpenter 2022). In ieder geval, selfs al sou Taiwanees bondgenote (o.a. Japan en Suid-Korea) gewillig wees om Taiwan teen 'n Chinese inval te verdedig, is beide lande ver verwyderd van die gevegsfront en sal dit uiters moeilik wees om hul weermag vroegetydig te mobiliseer om 'n Chinese inval te keer (Osborn 2022a). Dit is ook hoogs onwaarskynlik dat óf Japan óf Suid-Korea enige soldate op Taiwanees grondgebied voor 'n Chinese aanval op Taiwan sal ontplooi (Osborn 2022a). Ofskoon Taiwan die tyd sal uitkoop om homself konvensioneel te bewapen (met inbegrip van die volg van 'n strategie van asimmetriese oorlogvoering), blyk dit dat China se indrukwekkende opmars sal meebring dat Taiwan bestem is om deel van China te word (Mearsheimer 2014:39).



Soos hier bo omskryf, hou Washington se dekades lange instemming tot Chinese eise rakende Taiwan niks goeds in vir die geloofwaardigheid van Amerikaanse konvensionele afskrikkingsdreigemente nie. Voorts sal Taiwan gewis twyfel of 'n kwynende VSA wél in staat is om Taiwan te verdedig, veral gegewe China se opmars in ekonomiese en militêre mag, sy diepgaande strategiese belang in Taiwan en die koorsagtige Chinese voorbereidings om die eiland in besit te neem. Dit is vanselfsprekend dat Taiwaneese selfverdedigingspogings steeds die koste van Chinese aggressie uiters hoog kan en sal hou, maar daar moet besef word dat dié strategie se vervaldatum nie onbepaald is nie. En enige werklike Taiwaneese suksesverhaal om 'n Chinese inval te keer is afhanklik van Amerikaanse gewilligheid om die eiland te verdedig, waarvoor daar géén waarborge bestaan nie.

In die internasionale politiek noodsaak sodanige onsekerheid en strategiese draadsittery state om so goed moontlik én met die middele wat hulle kan voortbring na hul eie belange om te sien. Met sy bestaan in die weegskaal sal Taipei stellig verstaan dat alles in die stryd gewerp moet word om Taiwan se oorlewing te verseker. Trouens, soos Kolas Yotaka, segsvrou van die Taiwaneese presidentskantoor, onlangs aangevoer het ná Rusland se inval in Oekraïne, “die les wat elke Taiwanees leer uit dit wat ons in Oekraïne sien, is dat ons onself moet verdedig” (Horton 2022). Hoewel Yotaka allermins 'n weg tot kernwapens bepleit, is die groot les wat vanuit Rusland se oorlog in Oekraïne geleer moet word, tog voor die hand liggend: Sien om na jousef! Dat enige besluit om die kernwapenpad te stap allermins die gewenste opsie vir Taipei sal wees, is vir seker waar. Nietemin, in die spel van die internasionale politiek kan géén staat op 'n ander reken om sy oorlewing te verseker nie. Kernwapens bly steeds die grootste afskrikmiddel teen aggressie. In die lig van 'n uiters benarde en onsekere omgewing, sal 'n omsigtige Taiwan verstandig handel om oorweging aan die kernwapenopsie te skenk.

Hoe, in die internasionale politiek, ontmoedig een staat 'n ander om 'n vernietigende aanval uit te voer? Een manier is om onverbiddelek sterk verdedigingsmagte te skep wat vir 'n toekomstige aanvaller as byna ondeurdringbaar voorkom, 'n strategie wat deur Waltz (2013a:5) as die verdedigingsideaal beskryf word. Hiervolgens val die klem op die vermindering van 'n toekomstige aanvaller se vermoë om skade toe te dien (Snyder 1961:3). Die Maginotlinie en die Chinese Muur dien as treffende voorbeelde van die verdedigingsideaal (Waltz 2013a:4; D'Anieri 2017:257). 'n Ander manier, te wete 'n kernafskrikkingstrategie, het ten doel om vergeldingsmagte tot stand te bring wat die vooruitsig van onaanvaarbare verwoesting vir 'n toekomstige aanvaller inhou (Waltz 2013a:4). Luidens die algemene woordeboekbetekenis beteken *afskrik* om deur “skrik” of “vrees” iemand van iets te laat afsien of te ontmoedig (HAT 2005:28). Die twee strategieë is kenmerkend, en elk werk op 'n verskillende wyse in om 'n toekomstige aanvaller van 'n aanval te ontmoedig.

'n Kernafskrikkingstrategie behels dat daar geen vermoë is om te *verdedig* nie; hierteenoor het 'n verdedigingstrategie te doen met geen vermoë om te *straf* nie. Elk van dié strategieë dra 'n verskillende boodskap aan 'n toekomstige aanvaller oor. Die boodskap van 'n verdedigingstrategie is: Hoewel ons nie in staat is om weerwraak te neem nie, is ons verdedigingsmagte só ondeurdringbaar dat enige poging om dit te oorkom, koste en risiko sal meebring wat enige voornemende winste sal oorweldig (Snyder 1961:4). Hierteenoor is die onomwonde boodskap van 'n afskrikkingstrategie: Hoewel ons weerloos is, sal enige aanval sodanig gestraf word dat dit meer pyn as voordeel, en meer koste as beloning, inhou. 'n Kernafskrikkingstrategie het derhalwe nie ten doel om 'n toekomstige aanvaller af te weer nie, maar om die klaarblyklik belangrike belange van 'n aanvaller te skaad (Waltz 2008:277). Die doel van dié strategie word uiters goed deur kernstate se tweede-slaan-aanvalsmagte verwesenlik. 'n Eerste-slaan-aanval

is “die eerste aanval met kernwapens tydens ’n oorlog, gewoonlik as ’n voorspringhandel” (Venter, Botha, Du Plessis en Alberts 2017:76). ’n Tweede-slaan-aanval, daarenteen, kan beskryf word as “die eerste teenaanval met kernwapens in ’n oorlog nadat ’n eerste-slaan-aanval met ’n voldoende vermoë tot effektiewe vergelding oorleef is” (Venter e.a. 2017:172).

Een van die belangrike lesse wat die geskiedenis van die kern-era leer, is dat swakker state gewapen met kernwapens sterk state kan afskrik. Konvensionele wapens, voer Rapp-Hooper en Waltz (2011) aan, het hulself telkens in die geskiedenis van die internasionale politiek bewys as onbetroubare afskrikmiddele om die oorlewing van state te waarborg. Hierteenoor het kernwapens “nog nooit daarin misluk om ander state – ongeag hoe magtig dié state is – af te skrik nie” (Rapp-Hooper en Waltz 2011). Terwyl die kern-era duidelik wys dat sterk state gewapen met kernwapens mekaar kan afskrik, blyk dit dat swak state gewapen met kernwapens eweneens kerngewapende sterk state kan afskrik (vgl. Waltz 2013a; 2013b; 2008; Beyer 2015; Brodie 1946). ’n Ander les wat die geskiedenis van die kern-era duidelik leer, is dít: State gewapen met kernwapens is uiters versigtig om in ’n grootskaalse oorlog (dit is, dié wat die oorlewing van ’n ander staat bedreig) met die ander party te tree. Trouens, elke staat wat tot die kernklub toegetree het, het histories op dieselfde wyse opgetree – kortom, met matigheid en versigtigheid (Beyer 2015:80; Waltz 2013a:7)).

Ofskoon kerngewapende swak state gelykmatig gewapende sterk state kan afskrik, kan ons nietemin vrae opper oor die geloofwaardigheid van klein afskrikingsmagte (dit is, die feit dat kerngewapende swak state waarskynlik oor ’n betreklik klein kernarsenaal sal beskik), veral gegewe die kwantitatiewe en kwalitatiewe superioriteit van die Chinese kernmag vis-à-vis dít wat Taiwan waarskynlik sal kan voortbring. Luidens die Pentagon sal China teen 2030 oor sowat ’n 1 000 kernwapens beskik (Auslin 2022). Hierteenoor sal enige Taiwaneese kernmag in alle waarskynlikheid uiters klein wees, iets soortgelyk aan die Israeliese kernmag.

Twee faktore is ter sake in enige oorweging van die geloofwaardigheid van ’n toekomstige Taiwaneese kernafskrikingsdreigement. Die eerste een hou verband met die vraag of Taiwan in staat sal wees om ’n tweede-slaan-aanvalsmag daar te stel. Die geskiedenis van die kern-era leer dat dit beswaarlik moeilik is om ’n kernmag daar te stel en te beskerm wat ’n hou kan slaan én onkwesbaar is. Verwysing na Noord-Korea se kernwapenprogram sal uiters leersaam wees. Ondanks uitmergelende sanksies is dit noemenswaardig dat Noord-Korea onverpoosd voortgaan om missiele (selfs hipersoniese en duikbootgelanseerde missiele) te ontwikkel waarvan sommige selfs die VSA kan bereik. Indien die Noord-Koreaanse regering ’n omvangryke missielmag op die been kan bring, is dit beswaarlik verregaande om te verwag dat die Taiwaneese selfs beter kan vaar.

Dat China koersagtig daarna sal streef om elke moontlike Taiwaneese kernwapen op te spoor is vanselfsprekend. Indien die Chinese ten volle oortuig is – en dít is die beslissende frase: *ten volle* oortuig – dat elke moontlike Taiwaneese kernwapen opgespoor kan word, sal die moontlikheid van ’n eerste-slaan-aanval met rasse skrede verhoog word. Ofskoon dit vandag waarskynlik veel moeiliker is om kernwapens onkwesbaar vir opsporing en vernietiging te maak (veral in die lig van nuwe tegnologieë soos kunsmatige intelligensie wat ingespan word om kernwapens op te spoor), moet “veel moeiliker” nie met “moeilik” of “onmoontlik” verwar word nie. Dit is hoogs onwaarskynlik dat China elke moontlike Taiwaneese kernwapen sal kan opspoor. Maar, kan daar tereg gevra word: Indien China in staat is om ’n groot aantal Taiwaneese kernwapens op te spoor (hoewel nie almal nie), sal ’n strategie geskoei op kernafskrikking steeds doeltreffend wees? Beslis. Dit moet sterk benadruk word dat ’n

kernafskrikkingsstrategie berus op wat een land aan 'n ander een *kan* doen en nie op wat dit *sal* doen nie (Waltz 2008:279). Kernafskrikkings vereis die vermoë of, uiters belangrik, die skyn van die vermoë, dat 'n aanval deur 'n aggressiewe staat 'n vergeldingsaanval wat onaanvaarbare skade berokken, sal meebring (Beyer 2015:80). Trouens, solank as wat 'n toekomstige aanval *glo* dat 'n staat oor die vermoë beskik om 'n vergeldingsaanval van stapel te stuur, maak dit weinig saak of dié staat wél sodanige aanval kán loods (vgl. Waltz 2013a; 2013b). Die doyen van kernstrategie, Bernard Brodie (1946:60), het die situasie soos volg opgesom: “The threat of retaliation does not have to be 100 percent certain; it is sufficient if there is a good chance for it [...] The prediction is more important than the fact.” Vir China is dit feitlik nutteloos om *sommige* van Taiwan se kernwapens op te spoor. Beijing sal beslis weet dat sommige van Taiwan se kernwapens hul teikens kan tref, en dít is die strategies belangrike punt. Slegs 'n paar kernwapens wat hul teiken kan bereik en onkwesbaar is, is voldoende om 'n geloofwaardige tweede-slaan-aanvalsmag daar te stel.

Vandag, soos vantevore in die kern-era, is dit betreklik maklik vir kernstate om hul tweede-slaan-aanvalsmag te versteek en aan te wend. Dié wapens is lig en kan maklik verskuif en versteek word (veral gegewe Taiwan se bergagtige en beboste geografie). Voorts bestaan daar byna oneindige maniere om te verseker dat dié wapens hul teikens bereik. Hiér is dit ter sake om die leser se aandag te rig op die agt Taiwanees duikbote wat oor die volgende dekade in diens gestel gaan word. Dié ontwikkeling is veelseggend in die lig van Israel se besluit om hul diesel-elektriese duikbote met duikbootgelanseerde kruisermisiele (met kernplofkoppe) toe te rus, 'n voorbeeld wat Taiwan moontlik kan volg (indien nie onmiddellik nie, dan wel later). In ieder geval, benewens die meer tradisionele maniere om kernwapens aan te wend – dit is, deur middel van interkontinentale ballistiese misiele (IKBM), kernduikbote en bomwerpers – kan kernwapens óók hul teikens deur onkonvensionele maniere bereik. Daar bestaan verskeie onkonvensionele maniere waartoe kernstate hulle kan wend, met die aantal maniere wat slegs deur die vindingrykheid van kernstate beperk word. Een van dié maniere is om kernwapens op vragmotors vanaf naburige lande in te ry. Torpedo's wat vanaf klein bote wat buite hawens geanker is, afgevuur word, is 'n ander manier. Ook kan kernwapens in klein houers op vragsepe versteek word en deur middel van 'n elektroniese sein ontplof laat word; en indien alle ander midde uitgeput is, kan dit selfs deur 'n oskar vanaf 'n naburige staat vervoer en ontplof laat word. Voorts kan kernstate ook van fopwapens (*dummies*) gebruik maak ten einde 'n toekomstige aanval te oortuig dat 'n staat se kernarsenaal aansienlik groter voorkom as wat dit werklik is (Waltz 2013a:19–21). Die punt wat hiér benadruk word, is taamlik voor die hand liggend: Daar bestaan verskeie maniere waarlangs 'n moontlike Taiwanees kernmag – of 'n gedeelte daarvan – versteek en aangewend kan word. China sal in elk geval terdeë bewus wees van die feit dat om 'n gedeelte van Taiwan se kernmag te vernietig, sinloos is indien genoeg kernwapens oorbly om onaanvaarbare skade te berokken.

Die tweede tersaaklike faktor in enige oorweging van die geloofwaardigheid van 'n toekomstige Taiwanees kernafskrikkingsdreigement is hoofsaaklik sielkundig: Kortom, sal Beijing werklik glo dat Taipei wél 'n vergeldingsaanval sal loods indien laasgenoemde se oorlewing bedreig word? Waar onontbeerlike belange op die spel is – en hiér *is* sodanige belange duidelik op die spel – kan ons verwag dat alle partye met matigheid en versigtigheid sal optree. In 'n konvensioneel-gewapende wêreld, waarin die uitkomst van oorlog dikwels moeilik is om te voorspel, is die leiers van state meer gewillig om 'n risiko te loop, aangesien hulle veronderstel dat die vaardighede, strategie, wapentuig en vasberadenheid van hulle weermag die oorwinning sal behaal, en indien hulle nederlaag in die gesig staar, sal die lyding beperk wees. Een van die vernaamste oorsake van oorlog – te wete misrekening – word hoogs waarskynlik in 'n

konvensioneel-gewapende wêreld, omdat state tegelyk hulle eie posisie oorskat én glo dat hulle lyding beperk sal wees in die aangesig van 'n nederlaag (Waltz 2013a:8–9). 'n Kernwapenwêreld, voer Waltz (2013a:9) aan, voldoen aan 'n eiessoortige logika met berekening en oorwegings oor kernoorlog (teenoor konvensionele oorlog) wat 'n ander redenering volg. Twee of meer kernstate wat aan oorlog dink, doen dit teen die agtergrond van die besef dat hul lyding onbeperk sal wees indien oorlog sou uitbreek. Dat hul lyding nie noodwendig onbeperk sal wees nie, is natuurlik waar, maar dit is allermins die tipe onsekerheid wat leiers sal aanmoedig om 'n risiko te loop en militêre mag te gebruik. In 'n konvensioneel-gewapende wêreld, gegewe die enorme uitdagings om die militêre vermoëns van ander state met groot akkuraatheid te bepaal, is leiers onseker oor oorwinning of nederlaag; in 'n kernwapenwêreld, hierteenoor, is leiers onseker oor oorlewing of vernietiging (Waltz 2013a:9). Schelling (2008:116) het die hardvotige werklikheid van 'n kernwapenwêreld uiters noukeurig verwoord: “To compress a catastrophic war within the span of time a man can stay awake drastically changes the politics of war.”

Gevolglik bring onsekerheid kwalitatief uiteenlopende uitkomste in konvensioneel-gewapende en kernwapenwêreld. In eersgenoemde wêreld bring onsekerheid 'n aanvaller in die versoeking om 'n oorlog te inisieer, aangesien dié staat glo dat die moontlikheid van sukses groot is; in laasgenoemde wêreld word 'n moontlike aanvaller afgeskrik indien dié staat glo dat 'n vergeldingsaanval sal volg. In 'n kernwapenwêreld is die vereistes vir afskrikking onsekerheid (en niésekerheid) van reaksie, aangesien 'n aanvaller die gevaar loop om so baie te verloor indien 'n vergeldingsaanval sou plaasvind. Waar die waarskynlikheid – selfs 'n uiters lae een – bestaan dat 'n vergeldingsaanval met kernwapens sal plaasvind, sal kernafskrikking werk (Waltz 2013a:22). 'n Betreklik klein Taiwanees kernmag wat goed versteek en aangewend kan word, sal ongetwyfeld die koste van aggressie vir Beijing tot onaanvaarbare vlakke verhoog. Kernwapens, veral dié wat aan 'n tweede-slaan-aanvalsmag gekoppel word, skep hul eie geloofwaardigheid. Waar die moontlike gebruik van kernwapens bestaan, moet ons nie die denkbare inhibisies van die wraaknemende staat oorbeklemtoon onderwyl die kennelike risiko's vir die aggressor te laag aangeslaan word nie. Hierdie punt kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Ons kan dit nietemin betwyfel of Taiwanees kernafskrikkingdreigemente geloofwaardig sal bly in die lig van die ooglopende oppermag van China se strategiese kernmag. Sou Taipei ná 'n Chinese inval van Taiwan die moed hê om sy tweede-slaan-aanvalsmag los te laat, veral gegewe die ooglopende kwalitatiewe en kwantitatiewe oppermag van China se strategiese kernmag? Sekerlik is dit egter die verkeerde vraag om te vra. In enige oorweging van 'n inval van Taiwan sal China hom waarskynlik veel minder bekommer oor vergelykings rakende wie se strategiese kernmagte oorheers en veel meer oor of sy aggressie 'n vernietigende Taiwanees vergeldingsaanval sal meebring. Om 'n desperate kerngewapende Taiwan tot op die randjie van vernietiging te druk sal die laaste ding wees wat China sal wil doen. 'n Kerngewapende Taiwan, tot op die randjie van vernietiging gedruk (hetsy deur 'n Chinese inval of deur 'n Chinese blokkade wat Taiwanees oorlewing bedreig), mag moontlik gryp na wanhoopsmaatreëls, met die gevolge van 'n vergeldingsaanval met kernwapens wat moeiteloos deur Chinese amptenare begryp kan word. Trouens, in 'n kernwapenwêreld waarin beide partye oor tweede-slaan-aanvalsmagte beskik, word vergelykings oor wie se strategiese kernmagte oorheers, ontoepaslik. In die afwesigheid van die vermoë om 'n eerste-slaan-aanval te loods, word die vergelyking van strategiese kernmagte ontoepaslik. Soos Waltz (2008:285) uitwys, het “twee lande met tweede-slaan-aanvalsmagte dieselfde hoeveelheid strategiese mag”. In die lig van 'n moontlike Taiwanees tweede-slaan-aanvalsmag sal Chinese oppermag in strategiese

magte geensins die effektiewe militêre balans verander nie. Taiwaneese tweede-slaan-aanvalsmagte, en nié die strategiese magsbalans nie, is wat eindelik saak maak. Chinese berekeninge van die gevaar, en die vraag wie se wil of moed die sterkste is, word nie deur die balans of wanbalans van strategiese kernmagte beïnvloed nie. Soos die geskiedenis van die kern-era duidelik wys, kan swak state inderdaad sterk state afskrik, met 'n beskeie dog onkwesbare Taiwaneese tweede-slaan-aanvalsmag wat die koste van aggressie vir China tot die drumpel van onaanvaarbare skade sal verhoog.

## 6. Is dit te laat vir Taiwan om kernwapens te kry?

Alhoewel kernwapens die beste waarborg vir Taiwan bied om sy onafhanklikheid te verdedig en oorlewing te verseker, kan ons tereg wonder of dit nie miskien te laat is vir dié land om die kernwapenpad te stap nie. Dít is juis die gevolgtrekking wat Mearsheimer (2014) sowat 'n dekade gelede gemaak het. Bowendien het Taipei reeds op twee vorige geleenthede – gedurende die 1970's en weer gedurende die 1980's – gepoog om die kernwapenpad te stap, waarna die VSA terstond 'n stokkie voor dié planne gestee het. Dit is hoogs waarskynlik dat die VSA én China stelling sal inneem teen enige toekomstige Taiwaneese kernwapenprogram en, in 'n uiterste geval, selfs sal poog om 'n ontluikende kernwapenprogram deur lugaanvalle te vernietig. Dat daar risiko's aan 'n kernwapenpad verbonde is, is seer sekerlik waar. In ieder geval, elke gebeurlikheid rakende Taiwan se toekoms is gevul met risiko's, en daar kan tereg gewonder word of enige ander pad (uitsluitend dié van kernwapens) Taiwaneese oorlewing kan waarborg. Vir die VSA veroorsaak 'n kerngewapende Taiwan die vooruitsig dat Washington in 'n kernoorlog ingesleep word wat hy liefs sal wil vermy; vir China bring 'n kerngewapende Taiwan die skrikbeeld van 'n kernkantelpunt in Oos-Asië en natuurlik die angswekkende vooruitsig dat dit neusie verby is met Taiwaneese hereniging met die vasteland. Ofskoon Taipei nie op die VSA se bystand vir 'n moontlike kernwapenprogram kan staatmaak nie, is dít beswaarlik 'n onoorkombare struikelblok. Trouens, die geskiedenis van die kern-era wys dat state wat vasbeslote is om kernwapens te verkry om hul veiligheid te verseker, byna alle tipes storms – isolasie, sanksies of die gevaar van 'n inval – kan trotseer om hul doelwit te bereik. Die kernwapenprogramme van apartheid-Suid-Afrika, Israel en, meer onlangs, Noord-Korea wys dat taaie volharding vrugte kan afwerp, selfs in die aangesig van uitmergelende beperkinge.

Die meer dringende beperking vir Taipei om tot die kernklub toe te tree is die vraag of daar voldoende tyd is om 'n kernwapenprogram van stapel te stuur. Soos die voormalige hoof van navorsing en ontwikkeling van kernwapens by die Los Alamos Nasionale Laboratorium in Nieu-Meksiko (VSA), Stephen M. Younger (2009), aanvoer, sodanige programme is ontsaglik tydrowend en hulpbron-intensief. Namate China al hoe sterker en aanmatigend word, sal Taiwan se kans om die kernwapenpad te stap verklein. Soos reeds vermeld, is kenners van mening dat 'n Chinese inval van Taiwan gedurende die volgende twee dekades afgeweer kan word (op voorwaarde dat die VSA ter verdediging van Taiwan optree), met dié tyds grens wat krimp in die afwesigheid van Amerikaanse ingryping. In ieder geval, doelgerigte pogings deur Taipei om sy konvensionele en asimmetriese vermoëns te verskerp, sal baie doen om die Taiwaneese regering van meer tyd te voorsien om 'n kernwapenpad te loop. Terselfdertyd verskaf die oorlog in Oekraïne, volgens Mastro (2022), moontlik 'n onverwagse beperking op China se planne om Taiwan binne te val. Hoe lank hierdie oorlog sal voortwoed, is 'n ope vraag. China is egter desperaat om te verseker dat die wêreld nie die oorlog in Oekraïne met Chinese bedoelinge om Taiwan te herenig gelykstel nie. Vir Beijing is die oorlog in Oekraïne

bloot 'n grensgeskil tussen Rusland en Oekraïne; Taiwan, hierteenoor, is deel van die spreekwoordelike hart en siel van die Chinese nasie. Indien die Chinese regering sy buitelandse omgewing takseer, sal Beijing sekerlik verstaan dat enige skuif om Taiwan nou te herenig vrese in Westerse veiligheidskringe sal aanwakker dat 'n outokratiese spil (onder leiding van Rusland en China) besig is om te vorm (Mastro 2022). Hoewel die VSA waarskynlik nie so toegewyd en geïnteresseerd is om Taiwan te verdedig nie, kan die skrikbeeld van 'n outoritêre alliansie 'n Amerikaans-geleide demokratiese alliansie meebring, iets wat Beijing sekerlik sal wil vermy (Mastro 2022). Gevolglik is daar wél tyd – hoewel nouliks baie – vir Taiwan om 'n kernwapenpad te stap. Eindelik is dit nuttig om in gedagte te hou dat Israel se kernwapenprogram, wat met 'n uiters suksesvolle veldtog van disinformasie en misleiding gepaard gegaan het, sy eerste primitiewe kernwapen in ongeveer tien jaar voortgebring het (Kristensen en Korda 2022). Ofskoon die ontwikkeling van 'n Taiwanees kernwapenprogram ongetwyfeld verskeie uitdagings en risiko's in die gesig sal staar, sal 'n staat wat glo dat sy veiligheidsbehoefte ten beste deur kernwapens verseker kan word, slegs met baie groot moeite gekeer word.

## 7. Gevolgtrekking: Taiwan moet sy eie koers bepaal, maar ...

In hul oorweging van die beleidsrigting wat hul land moet inslaan, sal Taiwanees leiers waarskynlik verkies om nie die kernwapenpad te stap nie. Trouens, 'n onlangse referendum (voorgestel deur die amptelike opposisieparty, die Kuomintang-party), waarin kiesers gevra is om die heraanakeling van 'n verouderde kernkragsentrale te oorweeg, het 'n besliste nederlaag gely. Dit wil voorkom asof die huidige Taiwanees regering geen sin vir kernkrag het nie, wat nog te sê van kernwapens. Desnieteenstaande bring die felheid van die internasionale politiek mee dat staatsleiers dikwels genoodsaak word om minder oorweging aan begeertes en meer aan (strategiese) belange te skenk. Dit is noemenswaardig dat debatte oor die verkryging van kernwapens in onlangse tye toenemend deel van die hoofstroomgesprek in Australië, Japan, Suid-Korea en, tersaaklik hier, Taiwan geword het, 'n ontwikkeling wat die skrikbeeld van ingrypende kernwapenverspreiding in die streek aanwakker (Denmark en Talmadge 2021; Hornung 2022).

In die laaste instansie, soos president Tsai toegee, sal Taiwan doen wat nodig is om sy oorlewing te verseker. Hoewel die regering in Taipei vir seker verskeie ander sagter weë – insluitend dialoog en onderhandeling – eerder as die kernwapenpad sal verkies, is die buitelandse omgewing vandag beswaarlik gunstig vir die verwesenliking daarvan. Namate China ekonomies en militêr sterker word, sal dié sagter weë selfs meer onbegaanbaar word. 'n Sterker China enersyds, en 'n kwynende VSA andersyds bring 'n toekoms vir Taiwan mee waarin dialoog en onderhandeling ongetwyfeld verkieslik is, maar beswaarlik as die beste manier na vore tree om Taiwan se oorlewing te verseker. Selfs indien China 'n meer versoeningsgesinde houding jeens Taiwan vandag inslaan (weliswaar 'n onwaarskynlike gebeurlikheid), is daar géén waarborg dat Chinese aggressie nie weer later kan opvlam nie. Ook word dit ten sterkste betwyfel of konvensionele afskrikking hoegenaamd doenlik en doeltreffend sal wees om 'n Chinese inval te keer, soos hierdie ondersoek duidelik gewys het. Teen die agtergrond van 'n uiters benarde buitelandse omgewing, en om die redes breedvoerig hier aangevoer, sal dit 'n omsigtige Taiwan baat om die kernwapenpad te oorweeg. Vir die afsienbare toekoms bly kernwapens die beste wat swak state – insluitend Taiwan – kan doen om hul oorlewing te verseker.

## Bibliografie

- Auslin, M. 2022. Learning to think nuclearly again. *Foreign Policy*, 11 Junie. <https://foreignpolicy.com/2022/06/11/us-nuclear-weapons-strategy-putin-ukraine-war-threat-china-arms-race-geopolitics> (12 Junie 2022 geraadpleeg).
- Beyer, A.C. 2015. *Kenneth Waltz's life and thought: an interview*. Morrisville: Lulu.
- Blanchard, B. 2022. U.S. should recognise Taiwan, former top diplomat Pompeo says. *Reuters*, 4 Maart. <https://www.reuters.com/world/asia-pacific/us-should-recognise-taiwan-former-top-diplomat-pompeo-says-2022-03-04> (6 Maart 2022 geraadpleeg).
- Brodie, B. 1946. Implications for military policy. In Brodie (red.) 1946.
- Brodie, B. (red.). 1946. *The absolute weapon: atomic power and world order*. New Haven: Yale Institute of International Studies.
- Bush, R. 2016. The United States security partnership with Taiwan. *The Brookings Institution*, 13 Julie. <https://www.brookings.edu/research/the-united-states-security-partnership-with-taiwan> (22 Oktober 2022 geraadpleeg).
- Carpenter, T.G. 2022. The Ukraine War has lessons for Beijing, Taipei, and Washington. *Cato Institute*, 6 Mei. <https://www.cato.org/commentary/ukraine-war-has-lessons-beijing-taipei-washington> (11 Mei 2022 geraadpleeg).
- Clark, C. 2022. China “will fight to the very end” over Taiwan: Chinese defense minister. *Breaking Defense*, 13 Junie. <https://breakingdefense.com/2022/06/china-will-fight-to-the-very-end-over-taiwan-chinese-defense-minister> (12 Junie 2022 geraadpleeg).
- Codevilla, A.M. 2021. Put nukes on Taiwan. *Strategika*, 24 September. <https://www.hoover.org/research/put-nukes-taiwan> (5 November 2021 geraadpleeg).
- Cohen, E.A. 2022. The return of statecraft: back to basics in the post-American world. *Foreign Affairs*, Mei/Junie. <https://www.foreignaffairs.com/articles/world/2022-04-19/return-statecraft> (1 Junie 2022 geraadpleeg).
- Cote, O.R. 2021. Taiwan's submarine-building plan. *Strategic Comments*, 27(1):i–ii.
- . 2022. One if by invasion, two if by coercion: US military capacity to protect Taiwan from China. *Bulletin of the Atomic Scientists*, 78(2):65–72.
- D'Anieri, P. 2017. *International politics: power and purpose in global affairs*. 4de uitgawe. Boston: Cengage.
- Denmark, A. en C. Talmadge. 2021. Why China wants more and better nukes. *Foreign Affairs*, 19 November. <https://www.foreignaffairs.com/articles/china/2021-11-19/why-china-wants-more-and-better-nukes> (19 November 2021 geraadpleeg).

Eaglen, M. en J. Ferrari. 2022. Conventional deterrence and Taiwan's independence: necessary investments. *Aether: A Journal of Strategic Airpower & Spacepower*, 1(2):29–42.

Economy, E. 2022. Xi Jinping's new world order: Can China remake the international system? *Foreign Affairs*, Januarie/Februarie. <https://www.foreignaffairs.com/articles/china/2021-12-09/xi-jinping-s-new-world-order> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).

Episkopos, M. 2022a. Could Taiwan withstand Chinese aggression? *The National Interest*, 11 Januarie. <https://nationalinterest.org/blog/reboot/could-taiwan-withstand-chinese-aggression-199205> (12 Januarie 2022 geraadpleeg).

—. 2022b. Xi Jinping is ready to launch a new Chinese century. *The National Interest*, 10 Januarie. <https://nationalinterest.org/blog/reboot/xi-jinping-ready-launch-new-chinese-century-199230> (18 Januarie 2022 geraadpleeg).

Gallagher, M. 2022. Taiwan can't wait: what America must do to prevent a successful Chinese invasion. *Foreign Affairs*, 1 Februarie. <https://www.foreignaffairs.com/articles/china/2022-02-01/taiwan-cant-wait> (3 Maart 2022 geraadpleeg).

HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 2005. Onder redakteurskap van F.F. Odendal en R.H. Gouws. 5de uitgawe. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Herman, F. 2022. China se visie vir 'n nuwe wêreldorde. LitNet, 4 Mei. <https://www.litnet.co.za/china-se-visie-vir-n-nuwe-wereldorde> (1 Junie 2022 geraadpleeg).

Hornung, J.W. 2022. Ukraine's lessons for Taiwan. *War on the rocks*, 17 Maart. <https://warontherocks.com/2022/03/ukraines-lessons-for-taiwan> (19 Maart 2022 geraadpleeg).

Horton, C. 2022. Ukraine offers Taiwan a wake-up call, and lessons in resistance. *Breaking Defense*, 10 Maart. <https://breakingdefense.com/2022/03/ukraine-offers-taiwan-a-wake-up-call-and-lessons-in-resistance> (12 Maart 2022 geraadpleeg).

Ing-wen, T. 2021. Taiwan and the fight for democracy. *Foreign Affairs*, 100(6):74–84.

Jinping, X. 2022. Report to the 20th National Congress of the Communist Party of China. *Ministry of Foreign Affairs of the People's Republic of China*, 25 Oktober. [https://www.mfa.gov.cn/eng/zxxx\\_662805/202210/t20221025\\_10791908.html](https://www.mfa.gov.cn/eng/zxxx_662805/202210/t20221025_10791908.html) (26 Oktober 2022 geraadpleeg).

Kadidal, A. 2022. Under pressure. *Janes Defence and Intelligence Review*, 1(7):1–11.

Kapur, S.P. 2022. A new special relationship? *The National Interest*, (176):2–62.

Kennedy, P. 1989. *The rise and fall of the great powers: economic change and military conflict from 1500 to 2000*. New York: Vintage Books.



Kristensen, H.M. en M. Korda. 2022. Nuclear notebook: Israeli nuclear weapons. *Bulletin of the Atomic Scientists*, 17 Januarie. <https://thebulletin.org/premium/2022-01/nuclear-notebook-israeli-nuclear-weapons-2022> (21 Januarie 2022 geraadpleeg).

Lendon, B. 2020. Taiwan's planned submarine fleet could forestall a potential Chinese invasion for decades. CNN, 21 Desember. <https://edition.cnn.com/2020/12/19/asia/taiwan-submarine-fleet-analysis-intl-hnk-ml/index.html> (21 September 2021 geraadpleeg).

Mahnken, T.G. en J.A. Maiolo (reds.). 2008. *Strategic studies: a reader*. New York: Routledge.

Mastro, O.S. 2022. Invasions are not contagious: Russia's war in Ukraine doesn't presage a Chinese assault on Taiwan. *Foreign Affairs*, 3 Maart. <https://www.foreignaffairs.com/articles/taiwan/2022-03-03/invasions-are-not-contagious> (8 Maart 2022 geraadpleeg).

McFarlane, R. en D. Gattie. 2021. Nuclear affairs. *The National Interest*, 176:69–75.

Mearsheimer, J.J. 2014. Taiwan's dire straits. *The National Interest*, 130:29–39.

—. 2021. The inevitable rivalry. *Foreign Affairs*, 100(6):48–58.

Nathan, A.J. 2022. Beijing is still playing the long game on Taiwan: why China isn't poised to invade. *Foreign Affairs*, 23 Junie. <https://www.foreignaffairs.com/articles/china/2022-06-23/beijing-still-playing-long-game-taiwan> (24 Junie 2022 geraadpleeg).

Neethling, T. en F. Herman. 2022. *China in Afrika: die era van sekuriteit* deur Fanie Herman: 'n onderhoud met die skrywer. LitNet, 13 Julie. <https://www.litnet.co.za/china-in-afrika-die-era-van-sekuriteit-deur-fanie-herman-n-onderhoud-met-die-skrywer> (16 Julie 2022 geraadpleeg).

Odell, R.E. en E. Heginbotham. 2021. Don't fall for the invasion panic. *Foreign Affairs*, September/Oktober. <https://www.foreignaffairs.com/articles/china/2021-08-09/strait-emergency> (26 Oktober 2022 geraadpleeg).

Osborn, K. 2022a. Can the military uphold Biden's pledge to defend Taiwan? *The National Interest*, 24 Mei. <https://nationalinterest.org/blog/buzz/can-military-uphold-biden%E2%80%99s-pledge-defend-taiwan-202614> (1 Junie 2022 geraadpleeg).

—. 2022b. Tanks and jets are nice but Taiwan needs ground deterrence. *The National Interest*, 1 Januarie. <https://nationalinterest.org/blog/reboot/tanks-and-jets-are-nice-taiwan-needs-ground-deterrence-198751> (13 Januarie 2022 geraadpleeg).

Rapp-Hooper, M. en K.N. Waltz. 2011. What Kim Jong-Il learned from Qaddafi's fall: never disarm. *The Atlantic*, 24 Oktober. <https://www.theatlantic.com/international/archive/2011/10/what-kim-jong-il-learned-from-qaddafis-fall-never-disarm/247192> (17 Desember 2021 geraadpleeg).

Sagan, S.D. en K.N. Waltz (reds.). 2013. *The spread of nuclear weapons: an enduring debate*. 3de uitgawe. New York, Londen: W.W. Norton.

- Sanger, D.E. 2021. Biden said the US would protect Taiwan. But it's not that clear-cut. *The New York Times*, 10 November. <https://www.nytimes.com/2021/10/22/us/politics/biden-taiwan-defense-china.html> (28 November 2021 geraadpleeg).
- Sankey, E. 2021. Cracks in the cornerstone. *The National Interest*, 173:79–86.
- Schelling, T. 2008. Arms and influence. In Mahnken en Maiolo (reds.) 2008.
- Snyder, G.H. 1961. *Deterrence and defense: towards a theory of national security*. New Jersey: Princeton University Press.
- Snyder, H. 2019. Literature review as a research methodology: an overview and guidelines. *Journal of Business Research*, 104:333–9.
- Sun, Y. 2022. What to expect from a bolder Xi Jinping: Get ready for a more ambitious Chinese foreign policy. *Foreign Affairs*, 28 Julie. <https://www.foreignaffairs.com/china/what-expect-bolder-xi-jinping>(28 Julie 2022 geraadpleeg).
- The Ministry of National Defense. 2021. *ROC National Defense Report 2021, Republic of China*. Taipei: The Ministry of National Defense.
- The Taiwan Affairs Office of the State Council and The State Council Information Office. 2022. The Taiwan question and China's reunification in the new era. 10 Augustus. <https://english.news.cn/20220810/df9d3b8702154b34bbf1d451b99bf64a/c.html> (11 Augustus 2022 geraadpleeg).
- The White House. 2022. *National Security Strategy*. Washington: The White House.
- Uren, D. 2022. Why a blockade of Taiwan would be disastrous for China. *The Maritime Executive*, 7 Augustus. <https://maritime-executive.com/editorials/why-a-blockade-of-taiwan-would-be-disastrous-for-china> (26 Oktober 2022 geraadpleeg).
- U.S. Department of Defense. 2022 *National Defense Strategy of The United States of America*. Washington: Department of Defense.
- Venter, A., S. Botha, L. du Plessis en M. Alberts. 2017. *Verklarende politieke woordeboek: tweetalige kernterme en -definisies in Politieke Wetenskap*. Kaapstad: Juta.
- Waltz, K.N. 2008. Nuclear myths and political realities. In Waltz (red.) 2008.
- . 2013a. More may be better. In Sagan en Waltz (reds.) 2013.
- . 2013b. Waltz responds to Sagan. In Sagan en Waltz (reds.) 2013.
- Waltz, K.N. (red.). 2008. *Realism and international politics*. New York, Oxon: Routledge.
- Younger, S.M. 2009. *The bomb: A new history*. New York: Harper Collins.